SENDINGTYDSKRIF UITGEGEE DEUR DIE SINODALE SENDINGDEPUTATE VAN DIE GEREFORMEERDE KERK

JAARGANG 5 — NR. 4 en 5
FEBRUARIE—APRIL 1962



# DIE OES

# DIE OES

*Jaargang* 5. *Nr.* 4 *en* 5.

Februarie — April 1962.

Uitgegee deur die Sinodale Sendingdeputate van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

*Redaksie* :

Prof. H. du Plessis (Hoofredakteur), mnr. H. B. van der walt (sekr.), prof. A. Postma.

*Administrasie* :

Ds. D. C. S. v. d. Merwe (voors.), prof. H. du Plessis en mnr. H. B. van der Walt (sekr.)

*Alle artikels en foto's* moet gestuur word aan:

*Posbus* 2031, *Noordbrug.*

*Alle intekengeld, advertensie-navrae en adres-veranderings* moet gestuur word aan

*Die Adm.* DIE OES,

*Posbus* 2031, *Pk. Noordbrug.*

POTCHEFSTROOM.

Intekengeld 50c per jaar, vooruitbetaalbaar.

Die blad verskyn sesmaal per jaar.

# Redaksioneel

## SENDING ONDER DIE INDIËRS EN MALEIERS

Ons is dankbaar om te verneem dat sending onder die Indiërs nou ook deur ons kerk oorweeg word. Met sy byna 400,000 Indiërs is Natal seker die aangewese provinsie om hier 'n kragtige sendingaksie te begin. Maar hierdie gemeentes is nie van die rykste en hulle het self baie ander werk, ook sendingwerk onder die naturelle, om te doen. Daarom bewonder ons die geloofsmoed van die Durban-gemeente wat hierin die voortou wil neem en ons bede is dat die werk die nodige finansiële ondersteuning van ons kerk sal geniet.

Oor die belangrikheid en dringendheid van die sending onder die Indiërs hoef ons nie verder hier uit te wei nie. Daarvoor verwys ons die lesers na die twee artikels oor **Sending onder die Moslems en Die Indiërs in Suid-Afrika.**

Die Indiërs is vir die oorgrote gedeelte Hindoes ongeveer 80,000 Moslems. Daarbenewens is daar ongeveer 60,000 Moslems onder die kleurlinge (hoofsaaklik Maleiers). Omdat die sending onder die Moslems in Suid-Afrika so 'n dringende saak geword het, moet ons dankbaar wees dat die Here ons kerk so gelei het dat daar reeds vir enkele jare sending onder die duisende Maleiers in Kaapstad gedoen word en dat daar reeds 'n gemeente met sy eie leraar is. Maar ook hierdie werk sal baie kragtiger deur ons kerk ondersteun moet word. Vir sendingwerk onder die Moslems is nodig goed toegeruste kragte en dit word dus nodig dat 'n sendingleraar vir die werk afgesonder word.

# ONS BLAD

Hiermee bied ons aan ons lesers die eerste uitgawe van **Die Oes** in vergrote formaat en met groter druk.

Ons hoop dat dit by ons lesers byval sal vind. Hierdie is 'n dubbelnommer.

Die volgende uitgawe sal weer die gewone twaalf bladsye beslaan, wat dit maar 'n dunnerige voorkoms gee. Om die blad uit te brei het ons nog 'n paar honderd intekenare nodig. Ons wil dus graag 'n beroep op ons lidmate doen om op die blad in te teken. Die intekengeld is slegs 50c per jaar. Daar is seker min wat dit nie kan byeenbring nie.

# Gereformeerde Sending.... Moeilik!

## Wat sê die Skrif? (SLOT)

Toe Israel na die woestynreis in Kanaän gekom het, het hulle 'n land aangetref wat oorvol was van afgode, geeste en duiwels. Hulle het amper gestruikel oor die altare wat onder elke groen boom opgerig was. 'n Duiwelparadys! Die kinders van Israel was nie ongevoelig vir die afgode en heidense geeste nie. Rachel het die huisgode van Laban gesteel, Aaron het 'n goue kalf gemaak op versoek van die volk, en as die volk net binnegetrek het in Kanaän moet Josua nog sê (24:14): „. . . verwyder die gode wat julle vaders gedien het . . .". Blykbaar was daar onder hulle wat nog altyd vasgehou het aan afgode, naas die diens van die Here. Die hele geskiedenis van Israel is 'n voortdurende worsteling op lewe en dood met as inset die vraag: die Here of die afgode, kies vir julle wie julle wil dien. Sien ook Es. 20 : 7 — 8, 23 : 3 ens. Maar die Here sê: kyk, julle moet jul verstand gebruik; afgode bestaan nie; en ook negeer die Here die geeste en afgode nie; inteendeel, in die wette van Moses word dit ten strengste verbied om kontak te onderhou met die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê (Lev. 19 : 31, Dt. 18 : 10 — 12 ens.) Goed, sal iemand sê, maar die verbod van die kontak met afgode en geeste vind ons ook in die kerke van vandag; die wette van Moses gee ook nie 'n motivering van die verbod nie, netsomin as die kerke van vandag. Maar kom, laat ons kyk na 'n rede, 'n preek van Josua.

In Jos. 24 waar hy die hele volk toespreek, laat hy sien hoe dit die Here is wat vanaf Abraham die volk gelei het. Indrukwekkend gaan die magtige dade van die Here aan ons oog in die hoofstuk verby, maar dan is die konklusie van Josua, op grond van die verlossingsdade van die Here: vrees dan nou die Here . . . en verwyder die gode wat julle vaders gedien het „(14) Die antwoord van die volk is: ook ons sal die Here dien, want Hy is onse God, (18), en die volk besluit dit op grond van die verlossingsdade van die Here in die verlede. Met so'n God as die Here is dit veiliger om die toekoms in te gaan as met die afgode wat nie magtige verlossingsdade kan presenteer nie. Nog één voorbeeld: die boek van Jesaja, die laaste gedeelte. In smeek, pleit toorn, bytende ironie en sagte gefluister som die Here steeds weer op wat Hy gedoen het vir Jakob en wat Hy vir hom sal doen sodat hulle tog sy beloftes sal aanvaar en nie die stomme afgode nie. Die Here daag die afgode in 41 : 22 vv. selfs uit tot 'n rondetafelkonferensie; Hy gee hulle 'n kans om op grond van wat hulle gedoen het in die verlede of op grond van vervulde profesieë hul mag vir Hom te bewys. So gaan dit aan in die volgende hoofstukke; alle volke van die wêreld word opgeroep om te probeer bewys te lewer van die magteloosheid van die Here en die mag van die afgode, met as enigste doel dat Jakob in ballingskap in geloof sy God sal vasgryp, verpletter onder die bewyse van die majesteit van die Here. (43—44) Tenslotte hf. 46: blykbaar het Israel geloof geheg aan die mag van die afgode van Babel, maar dan kom die hoogheilige spot van die Here in 'n prentjie van reisende mense wat hul afgode op die beeste sit of wat vermoeid hul afgodsbeelde op die skouer dra. Maar, so sê die Here, van die moederskoot af het Ek julle gedra en tot die ouderdom toe sal Ek julle dra. En weer wys dan die Here op die verlede om sy genadige mag vir 'n afvallige volk te bewys, roepend en smekend om geloof.

Hoewel daar nog baie meer te sê is, is bostaande voldoende om te weet wat ons houding moet wees in die sending teenoor die naturel, gebuk onder die las van die geestegeloof. Ons sal hom en sy geeste ernstig moet neem, probeer indring in sy godsdienstige wêreld en hom 'n goeie kans moet gee om sy geeste-geloof te verdedig; ons moet geduldig luister want ons weet dat die geeste en afgode niks bring as angs, onsekerheid, ondraaglike risiko en wantroue. Maar ons kan op die rondetafelkonferensie op die sendingveld, waar die heiden as verteenwoordiger van die geeste en ons as afgevaardigdes van die Vader van ons Here Jesus Christus —byeenkom, wys op die verlossing van die angs, die sekerheid van die kruis en op die onwankelbare verbond. Ons kan verpletterende bewyse lewer van die majesteitelike genade van God, as garansie vir 'n veilige toekoms, maar ons moet tog nie met 'n minagtende gebaar sy gode van die tafel vee, maar hulle 'n kans gee . . . om hulle magteloosheid teenoor die Here te bewys. Dit is die moeilikste weg, baie moeiliker as die weg van negering of bespotting. Dit vra geduld, vertroue, luister, liefde en studie van die naturel se afgodediens. Ons moet sy vertroue wen.

So sien ons ook hier: die weg van die Skrif op die sendingveld is nie die maklikste nie. Duidelik

*Vervolg op bladsy 13*

# Br. G. A. van der Walt
## van Sannieshof

Oom Gert van der Walt ,soos hy algemeen bekend is, was op menige gebied 'n baanbreker in die Lichtenburgse wêreld. 'n Man van vaste beginsels, 'n oortuigde Gereformeerde, warm Afrikaner, 'n stoere Dopper. So het hy sy volk en kerk gedien. Op militêre gebied het hy sy plek vol gestaan dwarsdeur die Anglo-Boere oorlog. As onderwysman het hy die fondament gelê van die onderwys in Lichtenburg deur reeds, voordat al die krygsgevangenes van die tweede vryheidsoorlog na hulle verwoeste plase teruggekeer het, 'n C.N.O.-skooltjie te begin waarvan die koste grotendeels deur homself gedra is en waarin hy sonder enige vergoeding as onderwyser geageer het, totdat hy later 'n vergoeding van £10, wat later weer tot £5 per maand ,,verhoog'' is, ontvang het. So is en was oom Gert: uit die puinhope van 'n verwoeste land lig hy hoog die banier van Christus. 'n Moeë stryder van 'n oorwonne leër en volk maar nie 'n moedelose stryder in die koninkryk van God nie.

Geen wonder dat hy later sy volk op die Provinsiale Raad verteenwoordig het, eers vir Lichtenburg van 1923 tot 1929 en toe weer van 1933 tot 1936 vir Delareyville.

Maar sy hart was veral in die diens vir sy kerk. Vir 39 jaar lank was hy lid van die kerkraad en het hy ook 'n tyd lank as skriba gedien. 'n Geestelike raadsman en helper was hy vir baie en 'n pilaar van vastigheid in die kerk van die Here.

Maar hy kan ook, soos uit die onderstaande stuk van ds. Grobler blyk, genoem word die baanbreker van die sending in Sannieshof en distrik. Met reg kan hy die vader van hierdie sending genoem word en is hy ook die vader van die Geref-naturelle. Op sy ou dag het die sending die troetelkind in sy lewe geword en slaap en sit en loop en dink hy sending. Soos hy self sê was daar altyd 'n gordyn tussen hom en die naturelle en hy het hulle maar



altyd net gesien as arbeiders, maar nou sien hy hulle in Christus en is die gordyn weggeskuif. Alle eer aan oom Gert en tant Catherina. Ons lig ons hoed hoog vir hierdie twee nederige en getroue diensknegte van die HERE en ons hoop dat ons kerk hulle nie in hulle ou dag sal vergeet nie (Red.)

---

# Br. G. A. van der Walt en die Sending te Sannieshof

Om die aandeel van Oom Gert van der Walt in die Sendingaksie van Sannieshof te skets is dit nodig om te let op die ontstaan van die aksie en die verdere verloop daarvan.

Moruti Daniël Mahole van Lichtenburg het by 'n petrol-vulstasie te Sannieshof gewerk.

Hy het met verskillende lidmate van die gemeente gepraat en hulle meegedeel dat hulle ± een honderd naturelle was wat by die Gereformeerde Kerk wou aansluit.

Op 'n sekere dag het Oom Gert ook daar brandstof ingeneem. By die geleentheid het Daniël toe gevra dat Oom Gert asseblief 'n bietjie moes versuim aangesien hy met hom oor iets wou praat. Oom Gert het dit gedoen en toe het Daniël vir hom ook gesê dat hy en nog 'n aantal naturelle, soos bogenoem, by die Gereformeerde kerk wou aansluit.

Oom Gert het hom toe meegedeel dat die N.G. kerk reeds hier sending doen en dat hulle maar daar moes aansluit. Hierop het Daniël geantwoord dat hulle by die Gereformeerde kerk wou aansluit. Die saak is toe daar gelaat.

'n Volgende keer het Daniël weer met Oom Gert gepraat en sy versoek om by die Gereformeerde Kerk aan te sluit, herhaal. Toe Oom Gert hom weer na die N.G. Kerk verwys het, het Daniël vir hom gevra: Oubaas, wil julle ons hê of nie?

Hierop het Oom Gert besluit dat hy en Daniël die saak met Dr. Kempff moes bespreek. Na die bespreking het dit geblyk dat die versoek van Daniël 'n duidelike roepstem was wat na die Gereformeerde Kerk van Sannieshof gekom het om sending te doen.

Daar is toe begin met dienste deur Dr. Kempff in Oom Gert se motorhuis. (Dr. Kempff was toe hier predikant).

Oom Gert is iemand met baie invloed en gesag in die gemeente en dit wil blyk dat dit tot 'n groot mate aan hom toegeskryf moet word dat hier met Sending begin en aangehou is. Hier was aan die begin baie teenstand teen die sending. Sommige het vir hom gesê dat hy nou nie op sy oudag sy naam so deur die modder moes sleep deur sending te wil doen nie. Oom Gert daarenteen het dit beskou as 'n roeping van die Here en as 'n groot genade om op sy oudag nog sulke werk te doen. Dit wil voorkom of Oom Gert met sy besliste optrede die deurslag gegee het tot die sendingaksie te Sannieshof. Die mense het naderhand nie meer die moed gehad om hom teë te gaan nie. Die wat probeer het om hom tot ander insigte te bring is telkens self met ander insigte van hom af weg.

Van die begin af dien Oom Gert as Sekretaris op die Sendingkommissie, en ook as kassier. Van die begin af was en is hy behulpsaam met die opleiding van helpers vir die sending-aksie in Wes-Transvaal. Die helpers wat nou te Uitschot, Delareyville, Schweizer Reneke en Wolmaransstad werk, is deur hom opgelei. Behalwe dit onderrig hy die kerkraadslede van die Sendinggemeente te Sannieshof weekliks om hulle touwys te maak,

en hou hy ook dikwels katkisasie in die lokasie. Dienste word ook deur hom gehou en behalwe die Nagmaalsdiens te Sannieshof woon hy soveel moontlik van die buite-Nagmaalsdienste by.

Oom Gert doen verder al die organisasiewerk van die sending. Hy hou voltyds toesig oor die werk van die Moruti asook die van die kerkraadslede. Kenmerkend van Oom Gert is die spontane samewerking met die plaaslike predikant en kerkraad.

Natuurlik mag ons in die verband nie sy eggenote, tant Catherina van der Walt vergeet nie. Sy is vir Oom Gert 'n ontsaglike steunpilaar. Afgesien daarvan behartig sy die vroueorganisasie wat hier 'n bloeiende bestaan voer. Hulle kom gereeld bymekaar en hou ook gereeld verkopings om geld in te samel. Sy word onder die naturelle beskou as die moeder van die gemeente.

Z. C. Grobler.

*Tekening uit die Sending-kalender* 1962.



# Die Gereformeerde Vrouevereniging van die Nie-Blankes.

Ons hoop nie dat die meer as dertigjaarlange en nog knaend voortdurende stryd oor die posisie van die blanke G.S.O. nou op 'n nuwe front van die kerke onder die nie-blankes gekontinueer gaan word nie. Die sporadiese opslae teen die bestaan van die G.V.V. onder die nie-blankes laat egter die vrees ontstaan dat soiets werklik kan gebeur, en daarom word dit tyd om hieroor 'n definitiewe standpunt in te neem.

Die strewe van hierdie mense kom daarop neer dat die nog wordende praktyk i.v.m. die G.S.O. van die blankes huid en haar net so deur die nie-blankes oorgeneem moet word.

Dat daar geen kerklike verenigings mag wees nie, daaroor is ons dit seker almal eens, maar waarom moet die nie-blanke Gereformeerde vrouevereniging, wat die enigste eie skepping is van Gereformeerde nie-blankes en wat volgens verklaring van die Sinodale Sendingdeputate geen kerklike vereniging is nie, nou dood gemaak word en die nie-blankes ook hierin 'n dooie replika van die blankes word? En wat nog erger is, waarom moet alles wat die vrouens organisatories in die koninkryk van God wil doen op hierdie wyse verkerklik word?

Dit is tog waarop dit neerkom, want die voorwendsel dat die nie-blanke vrouens 'n Calvinistiese vrouevereniging kan stig waarin hulle hul op nie-kerklike terreine kan beweeg, gaan nie op nie, eenvoudig omdat so 'n vereniging nie die minste kans het om onder die nie-blankes pos te vat nie. Indien ons dus die blanke patroon as 'n dooie namaaksel op die nie-blankes wil afdwing, sal die konsekwente toepassing hiervan daarop neerkom dat die vrouens niks in verband met die uitoefening van die amp van die gelowiges organisatories mag onderneem as hulle dit nie in opdrag en onder toesig van die kerkraad doen nie. Hulle mag dus alleen byeenkom om te bid of die bybel te studeer of 'n lesing aan te hoor, en hulle mag alleen organiseer om die armes by te staan, om met begrafnisse te help, om nuwelige op te soek ens. as hulle dit in opdrag van en onder toesig van die kerkraad doen. Dit alles is dan kerklike, institutêre werk. Verder mag hulle niks doen wat enigsins op die maatskaplike terrein val nie.

Hiermee word dus alles wat hulle as 'n aparte groep in die koninkryk van God wil doen verkerklik. Dit is 'n suiwere Roomse standpunt waarteen nie ernstig genoeg gewaarsku kan word nie. Alles wat enigsins in die rigting gaan van wat die kerk as instituut doen, mag volgens hierdie standpunt alleen kerklik gedoen word, en die vrouens kan ook vir hierdie kerklike werk ingespan word as institutêre hulpfunksionarisse. Wat 'n gevaarlike beginsel. Was die reformasie dan tevergeefs? Wat word onder dergelike omstandighede van die vrye inisiatief van die gelowiges in die uitoefening van hulle amp as gelowiges?

Dat 'n kerkraad die susters — waarom nie die mans ook nie? — van die ge-

meente wil byeenroep om sake met hulle te bespreek of om opdragte aan hulle te gee is begryplik, maar net die idee dat alles so verkerklik kan word behoort vir enig iemand wat nog 'n reformatoriese gevoel het diep skokkend te wees. En dit is tog by alle goeie bedoelinge die konsekwensies van hierdie strewe om die G.V.V. te vervang met kerklike hulpfunksionarisse.

Volgens Paulus is een van die belangrikste take van die ampsdraers die aktivering van die gelowiges tot dienswek, en nie die onderdrukking van die eie inisiatief van die lidmate nie deur van hulle gesubordineerdes van die kerkraad te maak wat alleen maar kerklike werk mag doen en dit as hulp en in diens van die kerkraad nie (vgl. Ef. 4 : 11 — 16).

Laat die Gereformeerde vrouevereniging van die nie-blankes aangaan met hulle werk en laat hulle, soos hulle nog steeds gedoen het, hulle onder hulle kerkraad stel. As daar misbruik is, moet dit bestry word, maar die remedie om die vereniging dood te maak, sal erger wees as die kwaal en 'n nodelose stryd onder die nie-blankes ontketen wat noodlottige gevolge kan hê.

H. du Plessis.



**Nie-blanke Gereformeerde Vrouevereniging, Pretoria.**

# Die Indiërs in Suid-Afrika

**Verspreiding:**
Die 459,000 Indiers van Suid-Afrika is as volg versprei:

Kaap — 20,000
Natal — 377,000
Transvaal — 62,000.
O.V.S. — 0.

In Natal is daar 340,000 blankes sodat die Indiërs meer as die blankes in hierdie provinsie is. Durban met sy 160,674 Indiërs is al feitlik 'n stad van Indiërs. Teen die jaar 2,000 sal, indien die huidige groei konstant bly, daar tweemaal soveel Indiërs as blankes in Natal wees, nl. 1,200,000 teenoor 600,000 blonkes.

77% van die Indiers is reeds verstedelik.

**Taal, inkomste en godsdiens.**

Vir meer as 120,000 is die huistaal Tamil, vir 90,000 is dit Hindi, vir 22,000 Engels en vir slegs 7,000 Afrikaans.

Die volksinkomste per ekonomies bedrywige persoon is 3½ maal laer as die van die blankes, nl. R341 teenoor R1179, maar byna vier maal meer as die van die Bantoe.

Godsdienstig is hulle as volg verdeel:
Hindoes — 246,000
Moslems — 79,000
Confuciane — 1,700
Boeddhiste — 500
Christene — 23,000 (van wie 8,000 Rooms-Katoliek, 5,000 Anglikaans is én slegs 224 aan die Ned. Geref. Kerk behoort terwyl die res versprei is onder verskillende ander sektes en kerke).
Ander godsdienste en geen godsdiens — ongeveer 6,000

**Huwelikslewe en Misdaad**

Egskeiding onder die Indiërs kom na verhouding baie minder voor as by blankes. Die misdaadsyfer is ook betreklik laag, selfs laer as diè van die blankes nl. 0.32% teenoor 0.40%. Buite-egtelike geboortes kom nie baie voor nie. Vir blankes is dit ongeveer 1.6 per honderd geboortes, vir kleurlinge 36.8 en vir Indiërs 2.8 per honderd.

Geboortebeperking is feitlik onbekend, en na verhouding neem die aantal Indiërs baie vinniger toe as die van enige ander bevolkingsgroep in Suid-Afrika. Die gemiddelde jaarlikse toename van die bevolking is vir die verskillende groepe as volg:

Blankes — 2.18 per 100
Kleurlinge — 3.49 per 100
Bantoe — 1.74 per 100
Asiate (hoofsaaklik Indiërs) 5.08 p. 100.

(Bostaande gegewens is ontleen aan 'n artikel van prof. C. H. Badenhorst in op **Die Horison** Maart 1962, maar getalle is in ronde syfers weergegee).



# Israel en Sending

Wat ons teenswoordig onder **Sending** verstaan is die opdrag wat Christus aan sy apostels gegee het: Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. (Matth. 28 : 19). Dit is die taak van die geïnstitueerde kerk van die Nuwe Testament om die Evangelie van die versoening orlas te verkondig. Na die Pinksterdag het die kerk dan ook terstond met die uitvoering van hierdie opdrag begin.

Met die woord ,,Sending'' is ons dus heeltemal op die terrein van die Nuwe Testament. Die saamvoeging van die twee woorde Israel en Sending in die opskrif van hierdie artikeltjie verwek dus enigermate bevreemding en u vra: Wat het Israel met Sending te doen?

Was dit nou omgekeerd en sou daar staan ,,Sending en Israel'', dan sou die saak begrypliker wees want dan sou die opskrif beteken dat die sending hom ook moet wend tot die volk Israel van vandag. Ook dit is 'n saak wat aandag verdien. Ook die sending onder die Jode is 'n taak van die Christelike Kerk. As ons deel het aan die heil in Christus dan kan ons ook en juis teenoor die Jode nie stil bly van ons geluk en vreugde in daardie heil. Ons Heiland het tog uit daardie volk voortgekom en sy verwerping en kruisiging deur die Jode het die oorsaak van ons heil geword!

Maar in ons opskrif staan nou eenmaal: Israel en Sending. Het Israel werklik iets met sending te doen gehad?

Oënskynlik staan hierdie woorde Israel en Sending met mekaar in teëstelling. Die begrip ,,sending'' dra in hom die gedagte van uitbreiding, van universalisme, van heil vir alle volke. Sending streef na die ideaal van een gemeente van God deur Christus Jesus met sy bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie (Opb. 5 : 9). Maar die posisie van Israel temidde van die volkere was juis andersom. Israel is 'n volk wat afgesonderd woon en hom nie tot die nasies reken nie (Num. 23 : 9). God het gesê dat Israel sy eiendom uit al die volke moet wees en 'n **heilige** nasie (Ex. 19 : 5, 6.) In allerlei wetsbepalinge word die grense tussen Israel en ander volke skerp getrek, bv. in reinigings- en spyswette. Israel mag nie offer en eet nie wat ander volke wel geoffer en geëet het. So dra die naam Israel in hom die gedagte aan partikularisme en dit is die teenoorgestelde van universalisme.

Tog dra hierdie teenstelling maar 'n tydelike karakter en nie net tydelik nie maar ook bykomstig. Die afsonderingsposisie van Israel het begin met die roeping van Abram, maar die einddoel daarvan word terstond daarby gesê: en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word. (Gen. 12 : 1 — 3). Ons sien, dit was 'n partikularistiese maatreël met 'n universele doelstelling. Tog het die tydelike posisie van Israel tot gevolg gehad dat Israël hom van die volke afgesonder het. Die HERE wou dit ook so hê — Deut. 7 : 6. Die gevaar dat Israel onder die invloed van die heidene sou kom was groter as die kans dat Israel die volke sou toebring tot sy godsdiens. Die geskiedenis van Israels afval gedurende al die eeue van sy volksbestaan het dit wel bewys.

Tot so ver bespeur ons inderdaad nie veel van ,,sending'' by Israel nie. Tog lê in die doelstelling Gods dit wel deeglik opgesluit. Daarom word die partikularis-

tiese lyn telkens deurkruis deur die universalistiese. Nie so seer deur die optrede van Israel of van Israeliete nie, maar deur die ingrype Gods. So gee God aan Jona bevel om te gaan predik in Ninevé, 'n bevel waarvan Jona self niks gehou het nie!

Een voorbeeld van Israelitiese persoonlike sendingsbesef moet ons noem: die klein dogtertjie wat uit die land van Israel weggevoer is en in diens van Naäman se vrou gekom het. Haar kinderlike geloof ken geen partikularistiese grense nie en sy bereik dat die Aramese leërowerste nie meer brandoffer of slagoffer aan ander gode sal bring nie as net aan die HERE, die God van Israel.

Die ingrype Gods wat die partikularistiese lyn deurbreek bespeur ons veral in die profetiese openbaring. Aan Jesaja toon Hy dat baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem. (Jes. 2 : 3). Sion is die kernpunt van die heil, maar nie om dit op te sluit nie en vir haarself te behou nie, maar om dit uit te dra. Sion is verkondiger van goeie boodskap! (Jes. 40 : 9) . Dit is 'n sendingstaak!

Die Kneg van die HERE, so lees ons in Jes. 42, sal die reg na die nasies uitbring; die eilande wag op sy leer. Die kneg van die HERE is 'n verbond vir die volk, maar 'n lig vir die nasies. God soek sy eer en verheerliking van die einde van die aarde af. Duidelik spreek God van sy universele heilsplan as Hy sê: Dit is te gering dat U my Kneg sou wees om op te rig die stamme van Jakob en terug te bring die gespaardes in Israel: Ek het U gemaak tot 'n lig van die nasies, om my heil te wees tot aan die einde van die aarde. (Jes. 49 : 6).

Ons merk op dat Israels sendingsroeping in Christus vervul word!

In die profesieë van Jesaja word dus die partikularistiese lyn prinsipieël deurbreek. Maar ook in die praktyk van die lewe het God nie eksklusief opgetree nie. As Hy die verbond sluit met Abram en sy nageslag en as teken van die verbond die besnydenis instel, dan moet nie net Abram en sy seun besny word nie, maar ook die wat van enige vreemdeling met geld gekoop is, wat nie van sy geslag is nie. As later die volk van God uit Egipte optrek, het ook 'n menigte van mense van gemengde bloed saam met hulle opgetrek. In die vergadering van die HERE word ook buitelanders toegelaat. Kinders wat vir Edomiete of Egyptenare in die derde geslag gebore word (bedoel word: as die derde geslag reeds in Israels midde vertoef), mag in die vergadering van die HERE kom. Teenoor Ammoniete en Moabiete was God baie strenger, en tog — in die geslagsregister van Jesus tref ons 'n Moabitiese aan, Ruth, die moeder van Obed, die grootvader van Dawid; en 'n Ammonitiese, Naäma, die moeder van Rehabeam. In sy vlees en bloed wat Hy uit die maagd Maria aangeneem het verteenwoordig Christus nie net die uitverkore volk nie!

Eers na die ballingskap het Israel begin bekeerlinge maak. Hulle word met die naam van „proseliete" aangedui, 'n Grieksе naam, waaruit blyk dat dit gebeur het tydens die Helleense kultuurtyd. Andere heidene wat formeel minder volkome by Israel aangesluit het word in die Nuwe Testament bedoel met „godvresendes" of „godsdienstiges", wat ook tegniese terme is. In die dae van Jesus was die skrifgeleerdes en Fariseërs baie ywerig

om bekeerlinge te maak en hulle het vir die doel rondgetrek oor see en land (Matth. 23 : 15). Hier ontmoet ons inderdaad sendingsaksie. Aan die verwronge wêreld van daardie tyd met sy vermenging van allerlei godsdienste, Siriese, Egyptiese, Frigiese, Persiese, het die Jode wel 'n boodskap gehad veral die van 'n salige toekoms. Blykbaar is die boodskap ook aanvaar. En seker het die Jode dit aangenaam gevind dat deur hulle optrede die woorde van Jesaja in vervulling begin gaan het: En die uitlanders wat hulle by die HERE aangesluit het, om Hom te dien . . . hulle sal Ek bring na my heilige berg en Ek sal hulle vreugde laat smaak in my huis van gebed . . . (Jes. 56 : 1 — 8). Elke godsdiens het die trek in hom om sy geestelike goed aan andere mee te deel. So vind ons dan tog by die later Jodendom iets van „sending."

Met ons kortsigtige insig is ons geneig om ons daaroor te verbly. Maar — wat sê Jesus? Hy veroordeel dit fel. As iemand 'n bekeerling geword het dan, so sê Jesus, maak julle hom 'n kind van die hel, tweemaal erger as julle self. Jesus het dit dieper besien! Die Joodse ‚sendelinge' was self kinders van die hel. Deur hulle werke soek hulle eie-eer en doen vir die skyn lang gebede. Hulle sluit die koninkryk van die hemele toe vir die mense; want julle gaan self nie in nie en die wat sou ingaan laat julle nie toe om in te gaan nie.

Dit was 'n vernietigende oordeel van Jesus oor die Fariseërs. Geen wonder dat die Fariseërs Jesus gehaat het nie. Jesus het hulle harte geken.

So het dan ons artikel oor Israel en Sending 'n droewige slot. Die hele bestaan van Israel, tot sy sendingsywer toe, roep in sy afval en verkeerdheid om Christus, die heilige Kind Jesus (Hand. 4 : 27), die enigste wat Gods werke kan doen. En Hy roep ons nou om sy getuie te wees. 'n Ernstige taak! Aan die Fariseërs sien ons dat ons dit ook **verkeerd** kan doen! Dit gebeur as ons, miskien maar ongemerk of langsamerhand, eie opvattinge inskuif in die plek van die Evangelie van die kruis van onse Here Jesus Christus. Die kruis van Christus kan verydel word! Paulus was daarvan bewus (I Kor. 1 : 17). Ons moet in ons pasoppens bly!

dr. J. H. Kroeze.

# Gereformeerde Sending....Moeilik

## Wat sê die Skrif?

*vervolg van bladsy 4*

is dit gemaak in die voorbeelde van antitese, wet, kerkbesef, die genadeheerskappy van Jesus Christus oor die hele lewe en die skrifturlike houding teenoor die geestegeloof. Maar as die Skrif so moeilik is en so veeleisend, so radikaal, so totalitêr, wie kan dan gered word? Die konklusie van die dissipels was reg: dis eintlik onmoontlik om gered te word. Miskien is ons voorbeelde ook daarom tot enige nut, om te toon hoe onmoontlik dit is om gered te word. Daarom sê Christus in Matth. 19 : julle is reg, dissipels, by mense is dit onmoontlik, logies onmoontlik. Maar by God is alle dinge moontlik. Dit moet ons tog onthou, ook op die sendingveld: net by God is dit moontlik, as ons dan maar die Skrif as 'n tweesnydende swaard hanteer en nie probeer om dit vir die naturel tot 'n stomp messie te maak nie. Kan 'n heidense naturel salig word? Ag, het een dag 'n wys predikant gesê in 'n ander situasie predikant gesê in 'n ander situasie: ‚selfs 'n gereformeerde predikant kan salig word!' Ds. J. Vonkeman.

# Sending onder Moslems

Volgens Bijleveld, Cragg e.a. moet die Islam gekarakteriseer word, nie as 'n anti-christelike of semi-christelike maar as 'n na-christelike religie, want dit het ontstaan nadat die Christendom reeds wortel geskiet het en daarin is elemente wat ontleen is aan sowel die christelike as die Joodse godsdienste. Dit word nie meer vandag aangeneem dat dit Mohammed se bedoeling was om met die Islam 'n offensief teen die Christendom te loods nie. Hy self was van gedagte dat hy 'n profeet van God was wat aanvullende openbaringe van God ontvang het.

Die Islam het dan ook gegroei in 'n dialoog met die Christendom en die Jodedom maar hierdie dialoog het misluk. Dit is egter nog nie duidelik waaraan die mislukking toegeskrywe moet word nie. Het Mohammed die boodskap van die Skrif misverstaan of het hy hom opsetlik geslote gehou vir hierdie boodskap?

Die antwoord op hierdie vraag is nog nie gevind nie, omdat die Islam nog nie werklik met die Woord van God gekonfronteer is nie, veral vanweë die verwaarlosing van die sending en/of verkeerde sendingmetodes.

Die sending onder die Moslems sal intensief en ektensief baie deegliker aangepak moet word en die Moslems sal in en met sy gemeenskap, waaraan hy so heg verbind is, bearbei moet word en hy sal nie op dieselfde wyse as 'n gewone heiden benader moet word nie.

Dit is 'n baie dringende saak, want die Moslemse wêreld, wat in die 19e eeu tot lamheid geslaan was, word weer 'n gevaarlike wêreldmag, wat desnoods met die swaard 'n teokratiese wêreldryk wil stig en wat nou veral die aandag op Afrika toespits. Daar word nou 'n sterk aksie in Afrika geloods om die Islam onder die naturelle te propageer. Baie naturelle verwelkom die Islam omdat hulle daarin sien 'n wêreldgodsdiens waarin die swart man as 'n mede-broeder verwelkom en opgeneem word. En hoe gemaklik word vir hulle die oorgang na die Islam gemaak. Geestelik hoef hulle nie juis te verander nie en baie van hulle heidense bygelowe en praktyke mag hulle behou. Hulle moet maar net vir Allah as die enigste God erken en verder sekere uitwendige verpligtinge nakom.

Die breë Islamstroom dring vanaf Noord- en N.W.-Afrika al dieper in Afrika deur, en vanaf die suidpunt soek die Suid-Afrikaanse Moslemfront onder die kleurlinge en Indiërs aansluiting by hierdie een groot beweging en broederskap. Reeds meer as 80 miljoen naturelle van Afrika is Moslems en daar kom jaarliks nog ongeveer een miljoen bekeerlinge by.

Die Islam-propaganda het reeds kontak gemaak met die Mohammedanisme onder die Kleurlinge en Indiërs van Suid-Afrika.

Daar sal dus 'n sterk sending-offensief geloods moet word veral met die doel om die stroom vanaf die noorde te stuit, maar aangesien Suid-Afrika net soos in ander opsigte ook hierin van so 'n groot strategiese betekenis is, sal ons in Suid-Afrika veral werk daarvan moet maak om die sending onder die Suid-Afrikaanse Moslems te bevorder. Suid-Afrika is ook in hierdie opsig van strategiese betekenis, want as die Islam-propaganda suksesvol onder die Kleurlinge, Asiate en naturelle is of as die huidige Moslemfront in Suid-Afrika versterk word of selfs as dit dieselfde sterkte behou en indien daar verdere aansluiting met die noordelike front

# Aan die Wêreldfront

Die Wêreldraad van Kerke tel nou 198 ledekerke wat tesame egter slegs 30% van die totale christenheid verteenwoordig en 40% van die protestantse christenheid. Van die 198 kerke is die meeste volgens dr. J. Blauw baie min of nouliks beïnvloed deur die gees en doelstellinge van die wêreldraad. Volgens hom het die sending van die kerk nie tot sy reg op die vergadering van die wêreldraad te Nieu-Delhi gekom nie, is daar slegs geringe aandag gegee aan die verhouding van die kerk tot Israel en is daar weinig of niks gesê oor die verhouding van Evangelie en godsdienste nie.

* * *

---

(Vervolg van bladsy 14)

tot stand kom, kan die groot midde-Afrika in 'n Islam-knyptangbeweging vanaf die noorde en die suide verder gebolwerk word.

Daarom is die sending onder die Moslems sò belangrik en sò dringend. Dit kan ook 'n veelbelowende sending wees, want dit het reeds geblyk dat, waar Moslems sover soos die Suid-Afrikaanse Moslems van die Islam-kern in die midde-Ooste verwyder is en daar nie in die land van hulle inwoning vir hulle 'n oorheersende politieke toekoms moontlik is nie, hulle dit nie so beswaarlik vind om Christene te word nie.

Maar dan sal aan een baie belangrike voorwaarde voldoen moet word, en dit is dat hulle tuis gemaak word in Suid-Afrika. As dit nie gebeur nie en hulle steeds as onwelkome vreemdelinge beskou word, sal hulle steeds maar weer aansluiting soek by daardie een groot wêreldbroederskap van die Islam.

Die verenigde Soedansending het nou 1726 plekke waar die Woord van God gereeld verkondig word; die dienste word bygewoon deur ongeveer 121,000 persone.

* * *

Daar word nou deur verskillende kerke ook vir ontwikkelingsprojekte in die sogenoemde onder-ontwikkelde gebiede geld bestee. So het die Duitse Evangeliese Kerke nou 100,000 dollar vir 'n rysprojek in Liberië byeengebring met die bedoeling om die rysproduksie van die gebied te verhoog deur o.a. ook beter landboumetodes te leer.

* * *

Van Japan en Suid-Korea word gereeld vanaf Christelike radiostasies Skrifboodskappe in Chinees uitgesaai sodat die Chinese agter die ystergordyn op hierdie manier ook die evangelie in hulle eie taal hoor verkondig. Baie Chinese maak gretig gebruik van hierdie dienste.

* * *

Billy Graham sal D.V. volgende jaar massa-bekeringsdienste in Japan hou.

* * *

Die sekretaris van die Kommunistiese Party in Moskou kla dat die kommunistiese propaganda nog nie daarin geslaag het om die godsdiens in Rusland uit te roei nie en hy stel voor dat die stryd daarteen kragtiger voortgesit moet word.

* * *

Die vervolginge in China teen die christene word steeds hewiger. Die voedselrantsoen aan christene is nou weer verminder en groter arbeidslaste is op hulle gelê.

In Ruanda-Urundi doen 49 protestantse studente sendingwerk onder kinders.

* * *

Uit vrae wat aan 63 skoolgaande kinders in Warschau (Pole) gestel is blyk dat heelwat van hulle op wetenskaplike gronde glo dat die skepping nie vanself kon ontstaan het nie maar deur God geskape moes gewees het.

* * *

In die ,,Weekly Religious Review.' word gereeld applikasies gevra vir vakante betrekkinge in die sending of in ander dienste in die nie-blanke lande van die wêreld.

* * *

By die laaste volkstelling in Pakistan het die geblyk dat van al die godsdienste in hierdie land die christendom die grootste groei kon boekstaaf. Tussen 1901 en 1961 het die christen-gemeenskap 20 x so groot geword. Volgens die Minister van Binnelandse sake sou die Hindoes van die lae kastes nà die onafhanklikwording van Pakistan die voorkeur daaraan gee om christen te word. Die regering het deskundiges benoem om offisieël na te gaan hoe hierdie opvallende groei ontstaan het!

## SENDINGKALENDER 1962

Uitgegee deur die Generale Zendingdeputate van die Gereformeerde Kerke in Nederland.

'n Kalender van ses bladsye met pragtige fotos in kleure op die voorkant en agterop interessante beskrywings i.v.m. die geskiedenis, lewenswyse en die sendingwerk onder die heidene van Brasilië, Sumbasa, Ruanda-Urundi, Wes-Pakistan, Java en Argentinië.

Daar word bv. beskrywe watter probleme ondervind word om die tienduisende vroue wat optree as verkoopsters op die groot ,,pasars" (markte) met die evangeliebediening te bereik op Java.

Hierdie duisende vroue werk van sestien tot agtien uur per dag met 'n sewedaagse werksweek.

Iemand wat belangstel in die buitelandse sending sal hierdie kalender mooi en interessant vind.

Die Zendingscentrum te Baarn, wat die kalender versorg het, met die drukkery Vada, Wageningen, verdien veel lof vir die puik publikasie.

Geen prys word gemeld nie.

Adres: Die direkteur ds. B. Richters,
Postgiro 215600, Baarn.

H. B. van der Walt.



# Is die persoonlike daar?

Daar is vandag by ons 'n sterk bewustheid omtrent sending. Oral word sterk gevoel dat die Evangelie uitgedra moet word. Daar is werk om te doen. Daar is take wat wag. Die velde is ryp vir die oes.

**Die „dat" en die „wie".**

By hierdie bewustheid om die Evangelie uit te dra, moet ons onsself die vraag afvra of die persoonlike ook daar is. 'n Mens kan ook onpersoonlik sendingwerk doen. Die uitdra van die Evangelie kan vir mens 'n blote „saak" of 'n blote „taak" wees waarin die persone tot wie dit gebring moet word, grotendeels op die agtergrond wegraak of selfs glad nie raak gesien word nie. In so 'n geval bly hulle blote „objekte" of voorwerpe" of selfs „gevalle" van die sendingswerk. En dit mag nie so wees nie. Ons mag nie slegs belangstelling daarin hê „dat" die Evangelie uitgedra word nie (met ander woorde 'n „saaklike" belangstelling in die sending nie), maar ons moet ook belangstelling hê in die „wie" tot wie die Evangelie gebring word of gebring moet word (met ander woorde 'n „persoonlike" belangstelling).

Dit is juis een van die dinge wat die heiden moet voel: dat daar in hom persoonlik belang gestel word, dat hy nie maar sommer net as deel van 'n massa gesien word nie. Hy moet voel dat Christus in hom belang stel, maar ook dat die christen in hom belang stel. Hy moet die persoonlike liefde kan voel, die bewoëndheid wat daar oor sy persoonlike siele-heil is. Ja, hy moet duidelik die verskil aanvoel tussen die Evangelie en blote lewensbeskouings of filosofiese lewensteorieë. Hierdie andere tog, gee net iets vir die verstand of die denke — daar is nie die belangstelling in die „persoon" nie, daar is nie die liefde nie, en veral nie die bewoëndheid oor sy ewigheidsbestaan nie.

**Liefde is persoonlik:**

Die Evangelie nou, is juis 'n Evangelie van liefde. En liefde veronderstel persoonlike verhoudinge — anders is dit geen liefde nie. En hierdie persoonlike verhouding bestaan nie slegs tussen die mens en God nie, maar ook tussen die mense onderling. Ja, dit is een van die groot rykdomme van die Evangelie, dat dit die persoonlike na vore bring.

En nou hoef hierdie pleidooie nie verwarrend te wees in verband met ons land se besondere bevolkingsamestelling en -omstandighede nie. Inteendeel, reeds in die verlede het daar sulke persoonlike verhoudinge bestaan. Ons voorouers het baie met heidene in aanraking gekom. En hierdie heidene is by die godsdiensoefeninge betrek. En sonder dat die volksprobleme in gedrang gekom het, is daar sekere bande gelê. Die boer het daarom ook die „mens" in sy werker geken, en die werker wat veelal heiden was, het die goeie troue van die baas (wat christen was) begryp.

**Verlies en die resultate.**

Verlies van hierdie persoonlike verhouding bring verskeie ernstige nadelige gevolge mee. By sommiges ontstaan daar 'n idealistiese opvatting omtrent die heiden — hy is nou net te wonderlik, net te onskuldig en net te bereid tot die goeie en tot goeie verhoudinge. By andere weer

ontstaan 'n algehele afsydigheid, traak-my-nie-agtigheid en selfs liefdeloosheid.

Van die heiden, se kant weer kom daar 'n verwydering van die christelike godsdiens af omdat hy die persoonlike bekering daarvan nie meer ken of meemaak nie. Andersyds kom daar by hom 'n wantroue teenoor die persone wat die Evangelie bring. Die goeie trou word nie begryp nie. Hy staan skepties teenoor hierdie persone met hulle volksideale en hy knoop selfs allerhande by-bedoelings aan die sendingwerk vas. Ja, vir 'n goeie wedersydse begrip en wedersydse trou, is die persoonlike nodig.

**Hoe?**

Hoe is dit moontlik? mag u vra. Ek wil nie op die hele saak ingaan nie, maar slegs die volgende beklemtoon. Eerstens moet ons van ons kant sorg dat ons benadering van die sending suiwer is, dat die persoonlike bewoëndheid oor die heiden as mens nie ontbreek nie. Tweedens moet elkeen die ,,mens'' in sy bediende probeer vind en die Evangelie op spontane en ,,praktiese'' wyse laat spreek. Derdens mag ons nie ons blanke sendingleraars aan die sendingwerk onttrek asof die nieblanke predikante dit self moet behartig nie. Hoe belangrik bearbeiding deur eie volksgenote is, ons mag die persoonlike kontak en ons persoonlike taak in die sending nie ontduik nie. Die blanke sendingleraars vorm in hierdie opsig een van ons kontakpunte om die lewe van hierdie mense in sy ware betekenis te sien, te beoordeel, te leer begryp, en om ons opregte belangstelling in hulle persoon by hierdie mense te verteenwoordig.

So alleen kan ons ,,persoonlike'' sendingwerk verrig en nie slegs ,,saaklike'' werk van iets wat daar ver van ons af is nie.

J. L. Helberg.



# 'n Presedent van Kerkverband bo Nasionale vlak.

Dat kerkverband bo nasionale of etniese vlak in 'n gesaghebbende sinode nie 'n nuwe uitvindsel van die Gereformeerde kerk is nie maar ook wel presedente in die geskiedenis het, blyk o.a. uit die voorbeeld van die Indonesiese Protestantse kerk.

Hierdie kerk, wat hoofsaaklik versprei is in Minehassa, die Molukke en Timor en wat 'n voortsetting is van die kerke wat nog in die tyd van die Oos-Indiese Kompanje in hierdie gebiede geplant is en nou ongeveer 600,000 Indonesiese lidmate het, het sedert 1935 selfstandig geword sodat daar teen 1948 drie verskillende selfstandige sinodes in die drie gebiede was. En tog was dit die een Protestantse kerk.

Die vraag was nou hoe die eenheid van die een kerk tot openbaring moet kom. Dit was vir die Indonesiese kerkleiers 'n baie belangrike en baie dringende vraag. Die selfstandigheid van hulle verskillende sinodes wou hulle onder geen omstandigheid prys gee nie, maar die eenheid moes ook gehandhaaf word want die drie kerke is tog een kerk.

'n Sinode van al drie gebiede sou in 1948 oor hierdie probleem beslis, maar voordat die sinode sitting geneem het, was daar reeds onsekerheid oor die status van so 'n sinode. Dit kon tog nie as 'n sinode ageer wat bo oor die ander sinodes gestel word nie.

Wat sou die oplossing vir die probleem wees? Die enigste voorstel ter tafel was diè van die Kerklike Bestuur wat die gewone presbiteriale orde van kerkrade, klassisse, partikuliere sinodes en generale sinode voorgestel het. Die verskillende sinodes moes dus hulle selfstandigheid prysgee en partikuliere sinodes word.

Daarteen het die afgevaardigdes onder leiding van ds. Wenas, die voorsitter van die Minehassiese sinode, hulle hartstogtelik versit. Hulle sal onder geen omstandigheid hulle selfstandigheid prysgee nie. En so is toe uiteindelik as oplossing aanvaar 'n Algemene Vergadering waarop die verskillende sinodes verteenwoordig sou word en wat oor sake van gemeenskaplike belang sou handel.

En dit is presies wat ons bedoel met die stigting van sinodes vir die verskillende etniese groepe in Suid-Afrika, wat dan saam met afgevaardigdes van ons Algemene Sinode verteenwoordig moet word op 'n algemene vergadering waarop sake van gemeenskaplike belang bespreek kan word. So bly dit die een Gereformeerde kerk met sy verskillende selfstandige sinodes maar met kerklike verband bo die nasionale vlak in 'n Algemene Vergadering of sinode.

# Literatuur vir nie-blankes

Op die literêre sendingfront is die afgelope paar jaar taamlik gevorder, maar daar is nog so baie om te doen en intussen word die nie-blankes oorstroom met allerlei giftige literatuur, en deur sektes word gereeld aan duisende van hulle bybelkorrespondensiekursusse gepos wat met groot gretigheid ontvang en bestudeel word. Duisende is ingeteken op sekulêre tydskrifte en koerante met die mees opsigtelike prente en portrette, voorbeelde van die ,,jazy''- en ,,jive''- en naglewe van die moderne tyd en soms oppervlakkige snert of selfs pornografiese gemors. Dit dan is die lig wat deur blank Suid-Afrfika versprei word, helder skitterende en so aanloklike ligte is hierdie produkte, maar dit alles laat die siel so leeg en het selfs so'n diep vergiftende uitwerking op die ontvanklike gemoed van die nie-blanke.

En dan is daar nog die slegte voorbeelde van so baie blankes en die algemene traak-nie-agtigheid op godsdienstige gebied. Is dit die lig wat blank Suid-Afrika versprei? Is dit die Christendom wat ons met ons bloed wil verdedig?

Gelukkig egter word ander geluide gehoor, en verblydend is die vordering van ons kerk op hierdie gebied, al is die stroompie nog maar dun. Maar wat nodig is, is dat ons lidmate en kerkrade wat gedoen word, ondersteun en die gelewerde literatuur versprei.

Hierin is die susters vir ons 'n mooi voorbeeld, want die Sendingkalender, waarvan 6000 gedruk is, is op 200 na binne enkele maande van die hand gesit hoofsaaklik met die hulp van die susters.

Dan is daar **Rugama,** wat in sy duisende behoort versprei te word. Dit is die kerkblad vir die nie-blankes. Dit word uitgegee in vier tale waarby Xhosa ook nou ingesluit is, met die oog op die Kaaplandse naturelle. 'n Aparte Rugama in Venda is ook nou beskikbaar.

Ook is nou begin met 'n kerklike orgaan vir die kleurlinge onder die bekwame redakteurskap van ds. Jacs van Rooy. Die kleurlinge, ons bruin mense met wie ons saam die toekoms moet ingaan, hoogbeskaafdes onder hulle, Mohammedane onder hulle, ook nog baie onbeskaafdes, almal mense van Suid-Afrika. Laat ons ds. van Rooy en sy kleurlinghelpers help om 'n sukses van die saak te maak.

Dan staan daar nog 'n tweeduisend **Tumelo ea Bakreste,** (die Gereformeerde Geloofsleer in Sotho met kort opsommings in Afrikaans van elke hoofstuk) op die rakke. Die Sendingdeputate het die prys hiervan nou verlaag van 55c. tot 35c. Die enigste van sy soort en spotgoedkoop en tog kom die bestellings nog so traag in. Laat ons dit versprei sodat die deputate in staat gestel kan word om dit ook in ander Bantoe-tale te laat druk.

Verder is die Rooiboekie van die kategismus nou ook in Venda verkrygbaar en is die Tswana-vertaling ook op die pers. Daarbenewens word die Drie formuliere van Eenheid in medewerking met die ander twee Afrikaanse kerke nou in sewe Bantoe-tale vertaal en laat die deputate nou ook die liturgiese formuliere vertaal.

Bogenoemde literatuur kan bestel word by die Literatuurkommissie van die Sendingdeputate,

Posbus 2008, Pk. Noordbrug,
Potchefstroom.

H.P.

# SENDINGNUUS BLOEMFONTEIN

In Bloemfontein en omstreke word die sendingwerk van die Gereformeerde Kerk hoofsaaklik gesamentlik gedoen. Daarvoor het die vier plaaslike kerke, nl. Bloemfontein, Bloemfontein-Oos, Bloemfontein-Suid en Bloemfontein-Wes, 'n gesamentlike sendingkommissie gevorm.

Die afgelope jaar het die arbeid besender geseënd voortgegaan. Op 3 Sept. 1961 word die tweede gemeente in die gebied afgestig. Tans beslaan die gemeente Rusfontein die hele gebied. Die naturelledorp van Bloemfontein en die onmiddellike omstreke, d.w.s. die kleinhoewes, stig nou af tot 'n selfstandige gemeente. Die twee gemeentes sal dan in kombinasie voortgaan.

Gelyktydig met die afstigting word in Bloemfontein 'n sierlike kerkgebou en pastorie in gebruik geneem. Hierdie geboue is deur nie-blanke arbeid opgerig, en hoewel die gesamentlike sendingkommissie die grootste deel van die korte gedra het, het die nie-blanke lidmate hulle volle aandeel aan koste en arbeid geneem ooreenkomstig hulle vermoë.

Die Gereformeerde Kerk, Bloemfontein-Wes, doen naas die gesamentlike aksie ook op sy eie sendingwerk in Bainsvlei en aangrensende kleinhoewes. Na 'n jaar se arbeid het die eerste tien lidmate die einde van Junie 1961 belydenis van hulle geloof gedoen. Hierdie lidmate sal 'n wyk van die nuwe gemeente vorm.

Die groot behoefte in die volbrenging van die sendingtaak is 'n behoorlik-toegeruste nie-blanke predikant. Op Sondag 27/8/61 het Rusfontein weereens 'n leraar beroep in die persoon van Moruti C. Koza van Dube, Johannesburg.

Die grootste deel van die predikant se traktement sal nog deur die gesamentlik Sendingkommissie en Bloemfontein-Wes betaal word. Hy sal gevolglik nie net die bestaande gemeente bearbei nie, maar hoofsaaklik met sendingwerk besig wees saam met die betrokke sendingkommissies.

Daarom word allerweë, deur blanke- en nie-blanke lidmate, met biddende verwagting uitgesien na die koms van 'n nie-blanke leraar. (ds.) J. J. van der Walt.



# Die universele strekking in die vervulling van die *Messiaanse heilsbelofte*

Volgens Dr. J. Ridderbos in „De Apostolische Kerk", p 16, is daar vier stadia in die vervulling van die Messiaanse Heilsbelofte.

Die eerste stadium is die **aanvanklike vervulling** van die heilsbelofte reeds onder die Ou Verbond, voor die koms van Christus. Die tweede stadium volg met die koms van Christus in die Vlees en vind voorlopig sy voltooiing op Pinksterdag.

Dit is die **prinsipiële vervulling van die belofte.** Dan wag daar nog 'n **finale vervulling** met die tweede koms van Christus, die dag van die voleinding van alle dinge. Maar tussen die tyd van die prinsipiële vervulling en die finale vervulling lê daar 'n tydperk wat H. Bavinck noem, 'n „tussentyd". Dit is die tydperk waarin ons nou leef en in hierdie tydperk het ons die derde stadium van J. Ridderbos, nl. die **voortgaande vervulling** van die belofte in die bewaring van die heil en in die bediening **daarvan** aan alle volke, nasies en tale.

Die tydperk van die voortgaande vervulling hou egter nie in dat die heil in die Ou Verbond, in die tyd van die aanvanklike vervulling, tot Israel beperk was nie. Want die Ou Testament is nie net partikularisties nie maar dit het ook 'n universele strekking. Dit blyk al uit die feit dat God die Ewige, Waaragtige God is en nie net 'n Israelitiese volksgod nie. Die Ou Testament begin bv. met die skepping van die **hele mensheid,** nie net van Israel nie. Die heilsbelofte in Gen. 3 : 15 word gegee aan die saad van die vrou, nie net aan die saad van die Israelitiese vrou nie. In Abraham sal al die geslagte geseën word. Die partikularisme tree wel sterk op die voorgrond in die Ou Verbond maar dit gaan daarin nie teen die heidene (die ander volkere) nie maar eerder om hulle. Dr. J. Blauw stel dit in sy „Goden en Mensen" so: „Israel's verkiezing heeft een missionaire zin: in Israel grijpt God alle geslachten der aarde aan." Ook Jakob se seën aan Juda kan nie misverstaan word nie: Die septer sal van Juda nie wyk nie, nog die veldheerstaf tussen sy voete uit totdat Silo kom; en aan Hom sal die **volke** gehoorsaam wees (Gen. 49 : 10). In Exodus 19 : 5 lees ons: As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou, sal julle **my eiendom uit al die volke wees,** want die hele aarde is myne. Dit is dus duidelik dat reeds in die Ou Verbond die belofte van heil aanvanklik vervul is, nie net aan Israel nie maar aan alle volke.

Met die eerste koms van Christus word die belofte, wat aanvanklik al in die Ou Verbond vervul is, nou prinsipiëel vervul. Dit word nog nie absoluut vervul nie. Absolute, finale vervulling volg eers met die tweede koms van Christus. Nou

is die vervulling egter nog in beperkte sin al is dit in beginsel volledig. Calvyn sê: Die Here het deur die sending van Christus die troubelofte van sy ou eed **afgelos.**

Waar die heil in die tydperk van die aanvanklike vervulling vir Israel en die volke nog skaduagtig, gesluierd was, breek dit met die eerste koms van Christus in sy heldere heerlikheid uit. Nou ontvang sy apostels, as sy gevolmagtigde verteenwoordigers, die krag en die opdrag om die Koninkryk van God wat reeds begin is in die Ou Verbond, verder uit te bou. Hierdie volmag is aanvanklik beperk tot die verlore skape van Israel maar spoedig word dit gekontinueer en tot **alle volke, nasies en tale** uitgebrei. Voortaan sal hulle optrede **orals** gelaai wees met krag, dinamiek. Hulle sal nou skeiding maak tussen mense en mense ongeag hulle nasionaliteit, taal ens. soos Johannes die Doper al begin het. Die Universaliteit van die heil wat nog in die Ou Testament nie so duidelik tot openbaring gekom het nie, word nou volle werklikheid. ,,Het ,alle volken', 'al de heidenen', de gehele wereld', 'alle schepselen' , het uiterste der aarde' in de apostelen verleende volmacht . . . weerspiegelt tevens de universaliteit van het heil . . . Zoals deze in het Oude Testament werd voorzegd'', aldus Dr. H. N. Ridderbos in ,,De Apostoliesche Kerk'', p48. Paulus sou veral die uitverkore apostel word wat die allesdeurbrekende krag van die koninkryk van God en die heil wat prinsipieel gekom het, manifesteer in sy roeping as die groot heidenapostel.

Die apostels het dus in opdrag van Christus, as sy gevolmagtigde gesante, die fondamente van die wêreldwye Kerk, wat reeds in die Ou Testament afgeskadu is, gelê. Die Kerk wat bestaan uit alle volke, nasies en tale.

Ons leef nou, as lidmate van die deur die apostels gefundeerde Kerk, in die ,,tussentyd'', die tyd van die voortgaande vervulling. In hierdie tyd het die Kerk die taak om die heil wat prinsipieel reeds volledig gegee is te bewaar en verder te bedien aan alle volke, nasies en tale. Die betekenis van die Kerk bestaan dan ondermeer daarin, dat dit die Woord van heil wat dit van die apostels ontvang het in die praktyk moet bring, dit in diens stel van die voortgang van die Koninkryk van God onder alle volke, nasies en tale. Matth. 5 : 13 en 14: Julle is die sout van die aarde . . . . Julle is die lig van die wêreld''. ,,Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, **om te verkondig** die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig.'' (1 Petr. 2 : 9. Vgl. ook Fil. 2 : 15). Aldus stel die Nuwe Testament die diens van die Kerk aan die wêreld onmiskenbaar aan die lig. Maar die Kerk mag ook nie in die wêreld onder die juk van die demone leef nie. Want die Kerk staan onder die mag van God alleen. Daarom het die Kerk die taak om teen die duisternis te stry. Vergelyk ook Kol. 2 : 8, 9 en 10.

Die Kerk het kragtens sy ontstaan, kragtens sy universaliteit, kragtens sy karakter soos dit blyk uit die tyd van die aanvanklike vervulling en veral van die heerlike prinsipiële vervulling, die taak om in hierdie tyd van die voortgaande vervulling die heil aan alle nasies, volke en tale te verkondig. Die klem val daarop dat dit die taak van die kerk is. Want die heil is eers rondom en in die geskiedenis van Israel aanvanklik vervul en later in en rondom die apostels en die deur hulle ontstane kerk, as die Nuwe- Testa-

mentiese voortsetting van Israel. Die sendingwerk mag dus nie deur sg. sendinggenootskappe, sendingverenigings, sendingvriende ens. gedoen word nie. Want dan word die Kerk die aan hom gegewe opdrag ontneem en raak ons die Skriftuurlike, God welgevallige en bepaalde spoor heeltemal byster. Mag die Here ook aan ons kerk die genade bewys om hierdie roeping in die tyd van voortgaande vervulling met steeds groter krag te vervul tot op die dag van die finale vervulling wanneer Christus kom om die Koningskap finaal te aanvaar.

J. L. Aucamp.



MEADOWLANDS, JOHANNESBURG

# Waarvan is ons 'n verkondiging?

Israel het soos ons weet nie die opdrag ontvang om sending, soos ons dit ken, onder die nasies te doen nie maar in die saad van Abraham sou tog alle nasies geseën word, en dwarsdeur die Skrif is daar dan ook die universele siening van die heil vir die volke, maar dit sou eers aanbreek in die laaste van die dae met die koms van die Messias. Eers dan moes 'n begin gemaak word om aan alle volke die evangelie te verkondig. Maar Jesus het ook nie self na die heidene gegaan om daar die Woord van God te verkondig nie. Hy het hom tot Israel beperk en eers nà sy opstanding nadat Hy alle mag ontvang het, gee Hy die opdrag aan sy kerk om die vervulling van die belofte aan Abraham nou oral te gaan verkondig.

Tog moes Israel ook 'n lig vir die nasies wees, maar dit moes as 'n stomme, blinde en dowe getuie 'n lig wees. (Jes. 42 : 18 — 19), want die verkondiging aan die volke moet wees nie wat Israel sê of doen nie maar wat God in en vir Israel doen. So moes die dade van God in en vir Israel die verkondiging wees. Die dade van verlossing maar ook van oordeel, dit was die verkondiging aan die volke.

En die groot daad van God is Jesus Christus in wie se lyde, dood en opstanding gesien word Gods heerlikheid in oordeel en genade. Dit dan is die verkondiging wat aan die volke verkondig moet word. Maar die feit dat die dade in en vir Israel die verkondiging moes gewees het, het ook vir ons vandag groot betekenis daarin dat die dade van God, soos dit werklikheid word in die gemeente ook die verkondiging aan nie-gelowiges moet wees. En nou is dit die vraag van watter soort verkondiging ons lewe getuig. Is dit 'n verkondiging van ons sondige, selfsugtige liefdelose dade of is dit 'n verkondiging van die dade van God in en vir ons? Is ons lewe 'n ootmoedige en dankbare getuienis van die liefde en genade van God waardeur ons word, nederige, dankbare en selfopofferende gelowiges wat in alles 'n getuienis aflê, nie van ons eie goedheid nie, maar van ons diepe afhanklikheid van die genade van God? of is ons lewe maar net 'n getuienis van ons besondere grootheid, prestasies en meerwaardigheid? 'n Verkondiging oor en van onsself?

Waarvan is ons lewe hier in Suid-Afrika teenoor die nie-blanke 'n verkondiging: van Christus of van onsself?




Nuus van die Gereformeerde Kerk word oor Radio Bantoe gewoonlik om 7:30 vm. op die medium- sowel as die F.M.-senders aangebied waarna die Kerkdiens om 7:05 volg.

# NUUSFLITSE

'n Gesamentlike sendingaksie word deur die kerkrade in klassis Lydenburg geloods. 'n Konsepakte in die verband is voor die jongste klassis gelê.

Gevorderde studente van die nie-blanke Teologiese Skool sal gevra word om gedurende die vakansies in die gemeentes behulpsaam te wees met sendingwerk.

Gemeente Linden het besluit om die gewese Teologiese Skool in Dube Bantoedorp aan te koop om as kerkgebou gebruik te word. Klassis Johannesburg het 'n deel van die koste gedra. Dit is nou die tweede kerkgebou wat Linden besit. Die ander een is in Meadowlands.

Hierdie gemeente het ook 'n aanvang gemaak met sending onder kleurlinge in Noordsig.

In die tyd dat hy op Sannieshof werksaam was het die gemeente ontwikkel tot een van die grootste plattelandse sendinggemeentes.

Op Saterdag 21 April is nie-blanke prop. A. G. de Leeuw bevestig as herder en leraar van die Gereformeerde Kerk onder die Kleurlinge te Venterstad. Dit is die eerste keer dat hierdie gemeente 'n eie herder en leraar ontvang het. Die bevestiging is waargeneem deur die leraar van die plaaslike blanke gemeente en groot gelangstelling van die kant van die blankes sowel as nie-blankes het geheers. Vier naburige predikante was ook teenwoordig.

Die Kerkraadslede van Meadowlands het 'n konferensie gehou. 'n Uitstaande lesing is deur mor. P. Nkozi gelewer oor



Die Sendingkerk van Sannieshof het reeds 'n geruime tyd te klein geword en is oorgegaan tot die aanbou van 'n vleuel aan die kerkgebou.

Mor. S. Maas, wat meer dan drie jaar in die sendinggemeente werksaam was, het 'n beroep na Actonville, Benoni aangeneem.

die handhawing en uitvoering van die Kerklike tug.

Die sending in Diepkloof Bantoe-dorp sal voortaan deur die Kerkraad van Florida behartig word.

Die terrein was tot dusver deur Linden behartig.

'n Sendinggemeente is op Tarlton ge-

stig. Gemeente Krugersdorp-Wes is die sendende gemeente. 'n Nuwe kerkgebou is onlangs vir die jong gemeente opgerig.

Gemeente Johannesburg-Noord in samewerking met die sendingkerkraad het 'n aanvang gemaak met die oprigting van 'n kerkgebou in Tlali. Die kerkraad het ook 'n bengin gemaak met die hou van dienste vir huisbediendes Sondagmiddae. Die belangstelling hiervoor is besonder bemoedigend.

'n Nuwe sendinggemeente is te Witkoppen gestig. Die jong gemeente Randburg doen hier sendingwerk.

Die Sendinglektuurkommissie is besig met die druk van die Kategismus in Tswana. Die vertaling van die „Rooi Boekie" is gedoen deur Teologiese student J. Khama. Ds. D. C. S. van der Merwe het dit leerstellig- en mnr. C. J. H. Kruger taalkundig nagesien.

Die Rugama word nou in vyf tale gedruk nl. een in Sotho, Zoeloe en Xhosa en die uitgawe vir Noord-Transvaal word in Venda en Tsonga gedruk. Kerkrade in die streek waar Xhosa-sprekende Bantoes is, sal ook nou van die sendingblad gebruik kan maak.

Op Kwa Mashu, Durban, is 'n tweede nie-blanke predikant bevestig terwyl nog twee helpers opgelei word om in die reservate daar digby te werk.

Ds. J. Vonkeman, sendingleraar van Richmond, Natal, het hulp ontvang in die persoon van ds. Van den Berg.

Pogings word aangewend om sending onder die Indiërs op groter skaal in Durban aan te pak.

Op Hosiyata, aan die Klein Letabarivier, is 'n nie-blanke predikant bevestig.

H. B. van der Walt.

---


**BYBELS IN BANTOETALE**

@ 70c posvry per eksemplaar

'n Volledige pryslys is op aanvraag verkrybaar

**„LIFELA TSA SIONE"**

sa lvermoedelik in Januarie 1962 weer verskyn

U adres, óók vir sendinglektuur, is:

**PRO REGE-PERS BEPERK**

Posbus 343 — Telefoon 1164 en 497 — Potchefstroom




STAAL DEUG
VIR
ELKE BOUTAAK

*. . . in die hand van die* ***deskundige!***





- ▶ Grootpawiljoen, Ladysmith, Natal — staalwerk deur B & G.
- ▶ Die nuwe Geref. Kerk, Lyttleton, Pretoria—staalwerk deur B & G.
- ▶ Toring vir die V.E.T.S.A.K.-pawiljoen, Randse Skou — staalwerk deur B & G.





**BAKKER & GRIFFIOEN (Edms.) Bpk.**

Ontwerpers, Vervaardigers en Oprigters van Staalkonstruksies.

Posbus 17, Industria, JOHANNESBURG.
Tel. 35-5538/9 Telegramme: 'BAKGRIF'

BG 8125



Gedruk deur Potch. Herald/vanderspoel-drukkery (Edms.) Bpk.
Oliënlaan 11 Potchefstroom.

SENDINGTYDSKRIF UITGEGEE DEUR DIE SINODALE SENDING-DEPUTATE VAN DIE GEREFORMEERDE KERK

JAARGANG 5 — NR. 6
JULIE 1962

SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS
REFERENCE LIBRARY



# DIE OES

## MISSIONÊRE PREDIKANTE



Van links na regs:

Agter: Di. Van der Berg, Floor, D. C. Coetzee, J. L Aucamp, J. Vonkeman, J. C. Britz, J. A. van Rooy.

Voor: Ds. D. C. S. van der Merwe, prof. W. J. Snyman, di. Ph. C. Snyman, Johan Coetzee, prof. H. du Plessis, ds. J. L. Helberg.

**DIE OES**

Jaargang 5. Nommer 6

Junie 1962.

Uitgegee deur die Sinodale Sendingdeputate van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

*Redaksie*:

Prof. H. du Plessis (Hoofredakteur), mnr. H. B. van der Walt (sekr.), prof. A. Postma.

*Administrasie*:

Ds. D. C. S. v. d. Merwe (voors.), prof. H. du Plessis en mnr. H. B. van der Walt (sekr.)

*Alle artikels en foto's* moet gestuur word aan:

*Posbus* 2031, *Noordbrug.*

*Alle intekengeld, advertensie-navrae en adres-veranderings* moet gestuur word aan

*Die Adm.* DIE OES,
*Posbus* 2031, *Pk. Noordbrug*,
POTCHEFSTROOM.

Intekengeld 50c per jaar, vooruitbetaalbaar.

Die blad verskyn sesmaal per jaar.

**Kategismus in Setswana.**
Aan kerkrade wat reeds daarvoor gevra het sowel as dié wat daarin mag belang stel word meegedeel dat die Kategismus in Setswana nou te koop is. (Vertaling van ,,Rooiboekie''). Die prys is 10c posvry en moet bestel word by: Sendinglektuur, Posbus 2008, Noordbrug.

H. B. van der Walt,
Skriba Sendinglektuur.

**Redaksioneel**

# Geopende deure

Dertig jaar gelede en vroeër het baie gedink dat daar destyds nie meer 'n sendingveld vir die Geref. kerk oorgebly het nie, maar nou — hoe is alles verander. Oral is daar nou geopende deure terwyl in ander lande deure tot 'n groot mate gesluit word. So baie is daar nou om te doen dat die kragte en middele soms ontbreek om alles te behartig. Nou moet dit weer betreur word dat die middele en kragte soms agter bly, nou dat die Here vir ons die deure open; dat selfs afgestudeerde proponente, wat hulle vir die sendingtaak voorberei het, nie beroep word nie.

Hiervan het ons weer diep onder die indruk gekom by die lees van ds. Snyman se artikel in hierdie uitgawe oor die wonderlike en byna ongelooflike toestroming van naturelle in Soutpansberg om gedoop te word. Dit stem 'n mens inderdaad tot diepe dankbaarheid dat in daardie sendingveld van die Geref. kerk, waar daar vir so baie jare oënskynlik op rotse geploeg is, nou die gesaaides oral welig uitspruit. Dit stem 'n mens tot diepe ontroering dat die Gees van die Here in hierdie tyd van afval, koudheid vir die saak van die Here en weinig tekens van waaragtige lewe, so kragtig werk onder die blinde heidene.

Maar as die Here dan op so 'n kragtige en wonderlike wyse deure vir ons open en die lande wit word om te oes en Hy self so voorgaan in sy koninkrykswerk, moet dan nie juis nóu en dáár met middele en kragte gekonsentreer word om die oes van die Here in te samel? ,,Die oes is wel groot maar die arbeiders min. Bid dan die Here van die oes dat Hy arbeiders in sy oes mag uitstuur,'' so sê die Here (Matth. 9 : 37 - 38). Wat 'n aanklag is dit nie as ons nie meer bid vir arbeiders en ons hart oopstel vir die groot arbeid van die Here nie.

Die broeders sendelinge moet in die hitte van die dag met die sikkel in die hand inswoeg teen die

groot oes in wat onafsienbaar is, en as die son sak, is daar nog so min gedoen en môre sit die oeslande aan alle kante al verder uit.

Bid en werk en offer — maar waar is die middele dan om hierdie groot werk te doen? Ons kan tog nie verwag dat die paar sendende gemeentes alleen die bykomende uitgawes moet dra nie. Wat daar gedoen word raak die hele kerk en is saak van ons hele kerk. Ons is dankbaar vir wat die gemeentes reeds deur die meerdere vergaderings bydra, maar vir werk wat nou en in die toekoms so uitbrei, het ons 'n sterk sendingfonds nodig sodat gehelp kan word waar die nood groot is en die lande wit word om te oes en die oes nie ingesamel kan word nie vanweë die ontbreking van die nodige middele en kragte. ☆

**DANKIE!**

Ons hartlike dank vir die blyke van waardering vir die verbetering van Die Oes.

# „Vir julle en baie..."

Dit is oor die „baie" dat ek vandag iets gaan vertel. Ons praat so baie oor die „julle" vir wie die bloed van die N.T. uitgestort is en so min oor die „baie". Hier in Noord-Transvaal, waar verskillende Gereformeerde Kerke op die sendingterrein van die VhaVenda arbei, kan ons nie anders as om in die jongste tyd so dikwels oor die „baie" te praat nie.

Hier is 'n ongekende deurbreking van die Evangelie na die hart van hierdie VhaVenda. Oraloor. By die werk op Siloam, in die Noord-ooste by die Christelik-Gereformeerde broeders en by ons rondom Louis Trichardt. Van ds. Van Rooy en ds. Floor het ons onlangs verneem van groot getalle gedooptes, van aanvangsarbeid op enkele poste wat oornag omgeslaan het in veeleisende gemeentelike opbouwerk, van helpers wat Bybels vra by dosyne, van 'n buitengewone gemeenskapslewe in en rondom die kerk. Kapteins staan heeltemal anders nou teenoor die sendelinge en hulle werk as selfs drie jaar gelede. Christelike onderwysers word verkies bo heidene . . . daar is so baie om te sê.

Ook by ons. Een jaar gelede het die gemeente Tshitandani afgestig van Siloam se Soutpansberg-gemeente. Die getal belydende lede was toe ongeveer 100. Hierdie jaar is reeds oor die 60 volwassenes gedoop en talle kinders. Bybelverspreiding en lektuurverskaffing, verdere opleiding van helpers, voorsiening van primêre skoolonderwys, verkryging van nuwe kerkpersele en bou van kerke hou ons aandag byna voltyds dag en nag gespanne.

Dit is asof God die geblinddoekte heidendom momenteel bevry het van hulle hindernisse. Soos kinders wat in 'n skone oggend ontwaak, gaan die mense se oë oop vir behoeftes wat hulle vroeër nooit geken het nie. Behoeftes wat hard roep om vervulling. 'n Vervulling te magtig vir die kort asems van sendelinge wat maandeliks om en by 3,000 myle aflê in berge, deur sandvlaktes, so ver as die Limpopo-rivier. En middele wat ontbreek!

Een merkwaardige verskynsel by ons is die veranderde en veranderende hou-

ding van kapteins en hoofmanne. Waaraan dit toegeskryf moet word, kan bespekuleer word. Maar ons meen dat in elk geval 'n vergrote verantwoordelikheidsbesef by die owerhede van die Vha-Venda gekonstateer moet word. Voorbeelde kan genoem word waar kapteins ver reis om kerkdienste by te woon en selfs waar kapteins uit hulle pad gaan om dienste deur sendelinge in hulle gebied te reël. Dit het met ons gebeur. Kaptein Tshivhula, naby All Days, het ons dringend versoek om in sy hoofkraal te kom preek, om 'n doopklas te stig en 'n helper daar te plaas om die angstige en toegeneë mense te onderrig.

Maar laat ons u vertel van Alten. Die dag op Alten was 'n onvergeetlike dag. Oom Hannes van der Walt, oefenaar van De Hoop-Sendingstasie van Pretoria-Sunnyside en Silverton, het ons gevra om op Sondag 24 Junie ,nagmaal te kom bedien' op Alten. Dit is sag gesê, want die dag het ons 118 gedoop daar op Alten. Dis baie. Nee, dis van die ,,baie". Vir wie die bloed van die N.T. uitgestort is. Die dag is water oor hulle uitgestort en die bloed van Christus wat van beter dinge spreek as Alten, tot vergifnis van sondes.

Alten is 'n goudmyntjie, ongeveer 90 myl oos van Louis Trichardt, aan die Noord-oostelike grens van die Wildtuin. Jy kruie vir myle deur die hoë Mopani, jy kronkel maar so heen en weer, slinger, slinger oor rooibokspore heen, tot jy by Alten kom. Hy lyk soos 'n ruskamp in die Wildtuin met sy rondawelhuisies.

Daar was die menigte. Na 'n jaar se harde werk, nadat ds. Aucamp eerder daar gewerk het met tussenposes, het oom Hannes vier helpers daar ,,gepos". Hy het hulle haastig gemaak — 'n groot prestasie! Hulle was daagliks, van vroeg tot laat, op pad, in die bos, in die hoofstatte, in die huise. Net gewerk en gewerk.

En oom Hannes was gereeld daar met Äaron, sy tolk. Altyd nagegaan vir vordering, raad gegee, aangespoor en self gepraat en gepreek. En seker baie gebid. Toe het dit gebeur. 86 volwassenes en hulle 32 kinders se name was opgeskryf. Die kerkraad het byeengekom op Vrydag 28 Junie en begin met die reusewerk om 86 mense te ondervra. Op Sondagoggend 24 Junie is die laastes toegelaat en 'n papiertjie is aan elkeen gegee met sy naam daarop.

Ons het gepreek, daar is getolk, gedeeltelik in Tshivenda deur Äaron Machota en in Tsonga deur Maagi. Toe die doop, 66 name, toe die nagmaal. En toe kom die kindertjies, 32 van hulle. Van 11.30 Sondagoggend tot 6 uur Sondagaand is die oes van Alten binnegehaal. Wat 'n fees!

En die aand, toe die laastes gedoop was en die gemeente staan en sing, toe kyk ons op, oor die rooigeverfde Mopanitoppe heen, na die ondergaande son. Nog 'n dag verby, nog 'n hoofstuk in ons sendinggeskiedenis geskryf, nog 'n dag nader aan die Wederkoms van Christus. En hier staan die arbeiders en die oes. en die Gees en die Bruid roep: Kom Here Jesus, ja kom haastiglik.

Dit is die verhaal van die ,,baie". En daar is nog meer. Die werk gaan voort, die aanvraag oortref die middele en die kragte. Ons dink ook aan die kerkverband van hierdie baie onder die Vha-Venda, nog hierdie jaar. Mag die Here die geloofsgenote onder hierdie volk krag skenk in hierdie dae tot helderheid van uitsig en groot opofferende liefde vir die versorging van die baie wat onder hulle herderstaf staan en sal staan.

Ph. C. Snyman.

# 'n Saamtrek van Missionêre Predikante

Hieronder plaas ons 'n foto van ons missionêre predikante wat saam met die twee teologiese professore Du Plessis en Snyman op die 29ste en 30ste Junie op Potchefstroom byeengekom het om praktiese sendingvrae te bespreek. Ongelukkig was ds. L. J. Botha, die dosent, en ds. J. H. van der Walt van Johannesburg verhinder om die samekoms by te woon.

Saam met ons het ook vergader die sendingpredikante ds. Floor van die Christelik Geref. kerk in Nederland en di. Vonkeman en Van der Berg van die Gereformeerde Kerk (Artikel 31 kerk in Nederland). Ds. Floor werk saam met dominee Van Rooy en dominee Snyman in Soutpansberg waar sy kerk die oostelike gedeelte van Vendaland vir hulle rekening neem. Die ander twee arbei in die Richmond-distrik, Natal, ook in samewerking met ons kerk. Dit het al dadelik opgeval dat die Nederlandse broeders heeltemal tuis is en tuisgemaak is deur die ander broeders. Hulle word beskou as een van ons en hulle is deur die ander broeders al heeltemal aanvaar as medegereformeerdes wat saamverbind is in dieselfde arbeid. Ds. Vonkeman kan al goed Afrikaans praat en die twee ander broeders, wat nog maar 'n paar maande hier is, is fluks besig om dit en die Bantoetale te leer. Hulle vind dit egter nog soms moeilik om die Afrikaanse idiome en grappe te snap, veral as ds. Van der Merwe weer met sulke Suidwesterse sêgoed voor die dag kom.

Elkeen van die broeders het vertel van hulle werk en van hulle besondere sendingprobleme waarna dit deeglik bespreek is. Hoe mooi en inspirerend was dit alles. As 'n mens die broeders hoor vertel van hulle werk en hulle probleme doem daar onwillekeurig die gestalte van Paulus, die groot apostel van die heidene, voor die geestesoog op en 'n mens wonder hoe hy onder dergelike omstandighede sou opgetree het. Ons kon nie wegkom van die indruk dat die broeders met sake besig was wat sommerso in die sentrum van die koninkryk van God lê nie. Met groot opoffering word daar gearbei maar nooit is daaroor gekla nie. Inteendeel, die blye optimisme, die vasberadenheid, die kennis van sake asook die ootmoedige gewilligheid om van mekaar te leer — dit alles was so mooi en inspirerend dat ons God alleen maar kan dank vir wat deur hulle gedoen word.

Ook was dit 'n riem onder die hart om die dankbare maar ootmoedige getuienisse van die wonderdade van die Gees van God in die donker heidendom te verneem.

Ons hoop van harte dat die broeders elke jaar so 'n samekoms wil organiseer. Dit doen hulle goed en is ook tot seën vir die sendingarbeid.

# Die "TRANSKEI" en die SENDING

Die verklaarde eventuele onafhanklikheid van die Transkei het 'n enorme betekenis, nie net vir ons in Suid-Afrika nie, maar vir die hele wêreld, en nie net vir die politieke lewe nie, maar ook en veral vir die kerklike lewe.

Die benaming ,,Transkei'' het dus simbolies geword as die sluitsteen op die bekende Suid-Afrikaanse politieke beleid van eiesoortige ontwikkeling, as die vrymaking en vrywording van die Bantoerasse t.o.v. wie nie 'n politieke integras'e nie, maar die vorming van afsonderlike state voor oë gestel word; kortom die ,,Transkei'' is ons antwoord op die ontwakende nasionalisme van die Bantoe.

Ons leef in die eeu van die politiek' vrywording van Asië en Afrika. Wat Asië betref, is dit 'n onmiskenbare feit dat die Europese Christene geheel en al inkompetent was om die werklike aard van die nasionalistiese bewegings, en die aandeel daarin en die verhouding daartoe deur die inheemse Christene te peil. ,,Nasionalisme'' is in Europa sowel 'n gevreesde as 'n uitgediende begrip. Europa het nie besef dat dit in Asië om 'n primêre reg gaan waarvoor die stryd woed nie.

Ons in die Republiek van Suid-Afrika kom in 'n enigsins ander posisie te staan, veral om twee redes. Eerstens leef ons almal in noue kontak met die Bantoe, voel en ervaar ons aan ons lyf wat hulle belewing van nasionalisme is. Tweedens is ons eie vryheid en nasionale strewe nog geen afgeronde saak nie. Nasionalisme is vir ons 'n saak van vars belewenis.

Die verklaarde onafhanklikheid van die Transkei en die van die ander gebiede soos dit in vooruitsig gestel is, is onlosmaaklik verbonde aan die kulturele en politieke onderworpenheid van Afrika aan die Weste. In Suid-Afrika is die swartman oorweldig en lamgelê nie net deur wapengeweld nie, maar veral deur die aanslag van die Westerse beskawing op sy kultuur, tradisies, gewoontes en leefwyse. Hy moes eenvoudig swig voor die Westerse wetenskap, tegniek, organisasie-vermoë, denkkrag en vindingrykheid. En waar hy beland het in die maalstroom van kulturele, geestelike en godsdienstige ontworteling het hy gegryp na die vreemde, bekoorlike Westerse leefwyse en mentaliteit.

Gaandeweg egter is in Suid-Afrika soos dit elders in Afrika die geval is en in Asië die geval was, die proses van handhawing van en teruggrype na die volkseie besig om plaas te vind. Die Bantoe het nie sy leefwyse prysgegee ten gunste van 'n Westerse nie. Hy is besig om sy leefwyse aan te pas onder die veranderde omstandighede. Hy raak gewoond aan die Westerse tegniek en bemeester dit. Om te verwag dat hulle volkome sal verwester en inskakel en opgaan in 'n sg. wêreldkultuur, is 'n gekkedroom.

Inteendeel: hulle staan op die drumpel van die stadium van die strewe om hulle identiteit te behou, volgens hulle volksaard, en as eiesoortige volk, hulleself te vind. Anders gestel: Bantoenasionalisme beteken, die Bantoe wil 'n eiesoortige volk wees, die trots van 'n eie nasie handhaaf.

Hierdie nasionalisme is 'n faktor waarmee sowel die sendende as die jong kerk terdeë rekening moet hou en wel om die volgende redes.

Eerstens is die politieke lewe nie 'n saak wat buite die belangebestek van die kerk val nie. Ons is immers geen Piëtiste en Metodiste wat slegs geïnteresseerd is in die ,,bekering'' van siele nie en wat ons streng bepaal tot suiwer geestelike sake nie. Trouens, so besig is die Metodis met ,,siele wen'' dat sy oog gesluit is vir die ontsaglike probleme wat spruit uit en saamhang met die ontmoeting van Afrika met die Weste. So 'n negatiewe houding is vir die Gereformeerde misplaas. Daar moet 'n ruime lewensblik wees op die praktyk van die lewe. Die sending moet in warme voeling wees met die nasionale bewussyn van die lidmate en die heidene, anders raak hy uit voeling met wat lewe in die harte van die mense.

Hiermee is die tweede rede vir die aktualiteit van ons probleem gegee: In so 'n gemeenskap en vir so 'n volk waar die vlam van nasionalisme gloei, word die kerk wat daarteenoor vreemd en onverskillig staan of selfs geen standpunt dienaangaande het nie, met argwaan bejeën as 'n handlanger van die vir hulle vervloekte en gehate kolonialisme.

In die Transkei en elders sal die nasionalisme steeds groei tot iets groots in daardie volkslewe as die natuurlike drang van 'n volk om homself te wees volgens dit waarop hy geregtig is.

Die kerk wat hiervoor geen aanvoeling het nie, mis die polsslag van werklike



aktuele meelewing en sal as verouderd opsy geskuif word.

Dit neem geensins die feit weg dat daar groot gevare lê in die wanverhouding van sending en nasionalisme nie.

Die grootste gevaar is bepaald dat die kerk so met die volk en die politieke stryd vereenselwig en daarby betrek word dat dit 'n politieke instelling word, sy karakter as liggaam van Christus verloor en tot 'n politieke speelbal ontaard.

Hierby sluit die tweede gevaar ten nouste aan: in sy oorgretige strewe en stryd om die nasionale saak te dien, tree die jong kerk oor die grenslyn na sinkretisme. Heidense godsdienstige begrippe word oorgedra na die terrein van die kerk. So is dit 'n totale verlies van die ware karakter van die kerk.

Ten slotte soek so 'n jong kerk maklik, na analogie van die nasionale eenheid, na 'n geestelik-kerklike eenheid sonder om na die waarheid te vra. Op die manier kan maklik onverantwoorde en teologies ongefundeerde eenwording bewerkstellig word.

Ons as Gereformeerdes het dus 'n waarderende begrip vir die nasionale bewussyn van die Bantoe. Wat meer is, ons besef dat ons hulle nie mag misgun waarvoor ons self in hierdie land 'n lang en dure stryd gestry het nie. Laat ons egter terloops hierby voeg dat enersyds onder nasionalisme nie terrorisme en intimidasie verstaan word nie, en andersyds ook ons oortuiging dat twee nasies, om van rasse te swyg, nie dieselfde land kan bewoon nie. Elk moet sy eie gebied, binne sy eie landpale hê. Daarsonder is nasionalisme 'n huis sonder fondamente.

Dit is vanselfsprekend dat die vreedsame, ordeliewende Xhosa of Pondo of Zoeloe-Christen 'n goeie en getroue patriot sal wees net soos elke Christen 'n vaderlander is. Die Bantoe-Christen sal by sy volk staan want hy hou nie op om 'n Xhosa ens. te wees nie. Hy sal en moet bereid wees om sy lewe te gee vir die stryd van sy volk net soos al deur duisende Christene hulle lewens gelê is op hulle volksaltaar.

In menige Oosterse land het daardie Christene deur met hulle volksgenote te ly, laasgenoemdes se respek afgedwing en bewys dat Christene steeds vaderlanders bly. Die Christen aldaar het nie die vrywording van Asië probeer afwend nie, maar dit met hulle landsburgers as noodwendig afgewag en aanvaar.

Die Christene in die Transkei en elders sal saam met hulle landgenote juig in die blye dag van hulle onafhanklikheidwording.

Daarbenewens het die kerk juis 'n besondere roeping jeens die volkslewe. Hoe anders sal die kerk invloed kan uitoefen, die maatskaplike en kulturele lewe kan christianiseer as hy nie in noue voeling met die volkslewe is nie? Hoe sal die kerk die invloed kan hê as dit vreemd staan teenoor die volkslewe?

Maar dan nie om in die heidense nasionalisme verswelg te raak nie, maar om daarop invloed ten goede uit te oefen. Vandaar dat in die toekoms selfs meer as ooit tevore klem gelê sal moet word op die suiwerheid van die kerk. Net die ware kerk, suiwer volgens die Skrifnorm t.o.v. leer, diens en tug, sal kan ontkom uit die suigkrag van die nasionalisme.

In die lig van bostaande, en omdat die Evangelie en die Kerk geensins denasionaliserend is nie, sal die vraagstukke van die selfstandigheid en die eiesoortigheid van die jong kerk veral aandag verg.

Wat die selfstandigheidsbeoefening van die jong kerk aanbetref — let wel,

die jong kerk **word** nie selfstandig nie, dit **is** selfstandig by die institueering daarvan ofskoon dit nie dadelik by magte is om sy selfstandigheid te beoefen nie — sal die opkomende nasionalisme die vraag stel: Wie regeer daardie kerk? Sou dit uit en onder Westerse beheer en toesig wees, dan is die kiem van wantroue gelê. Nietemin moet nie op onverantwoorde wyse sake aan mense oorgelaat word wat nog nie oor die nodige rypheid beskik nie. In elk geval sal die jong kerk van die toekoms doelbewus geleer en gelei moet word tot meerdere selfstandigheidsbeoefening.

Dieselfde geld die eiesoortige karakter van die jong kerk.

Namate die jong state groei en ontwikkel en namate die Bantoe meer en meer prys stel op sy eie geestelike, kulturele en maatskaplike waardes, wil hy die dinge terugvind in sy lewe. Vir jarelank was hy daarop ingestel om „vreemdsoortig" te lewe en het hy die „vreemdsoortige" selfs bekoorlik gevind.

Intussen word die bordjies egter verhang. Waar hy gediend was met en gestreel is deur Westerse vorme, sal hy in die toekoms, en die wordende Bantoestate sal dit beslis bevorder, meer en meer teruggryp na sy volksaard, meer en meer van sy volksaard wil terugvind in die kerk en meer en meer aanstoot neem aan westerse vorme.

Dit sal dus die taak van die jong kerk wees om te sien dat sy eiesoortige ontwikkeling nie op sinkretisme uitloop nie, maar ware **kerk**vorming. Daarbenewens egter 'n eiesoortige kerk wat selfs die heiden, uiterlik gesproke, kan aanvoel as sy „eie".

Die ontwikkeling t.o.v. die Transkei is derhalwe 'n uiters belangrike mylpaal nie net t.o.v. die politieke lewe nie, maar ook kerklik-sendingkundig. Dit is 'n besliste stap in die rigting van onafhanklikwording — die natuurlike en enigste eindresultaat van enige nasionalisme.

Hiervoor mag die Sending sy oë nie sluit nie. **Dr. Ign. J. van der Walt.**

# Gunstige tekens

Ons is so geneig om alleen maar die donker kant van die Suid-Afrikaanse prentjie raak te sien dat ons oë soms gesluit is vir die goeie wat die Here aan ons gee en vir die gunstige tekens van groter sendingbelangstelling, verbeterde rasseverhoudinge en geseënde en steeds uitbreidende sendingwerk, asook van 'n meer simpatieke houding van die buiteland teenoor Suid-Afrika en sy moeilike rasseprobleme.

Broeders wat uit die buiteland teruggekeer het, verseker ons dat hulle oral 'n beter begrip vir ons rasseprobleme opmerk en dat daar nou meer simpatie vir Suid-Afrika op te merk is hoewel nêrens die apartheid as sodanig goedgekeur word nie. Ook by ons Geref. medebroeders in Nederland is daar nou 'n beter gesindheid teenoor ons land en ons kerk op te merk.

Hoewel daar nog baie naturelle is wat niks met ons kerk te doen wil hê nie omdat hulle dit sien as die apartheidsboerekerk, brei die sendingwerk nogtans oral

*Vervolg op bladsy 11*



*Vervolg van bladsy 10*

uit en is daar oral geopende deure en is, soos nou weer blyk in Soutpansberg, selfs die Bantoe-owerhede gewillig om ons te help. Dat die arbeid so gevorder het dat daar ook nou eie sinodes vir die gemeentes onder die nie-blankes geïnstitueer sal word, is ook 'n rede tot groot blydskap.

Ook die gesindheid van die blankes verbeter teenoor die nie-blankes.. Hiervan is daar baie voorbeelde. So het kerke en sakemanne in Potgietersrus 'n bystandkomitee gevorm om die ondervoede naturelle in hulle distrik te help voed. Ook het inwoners van Johannesburg — spontaan — vir hierdie doeleinde georganiseer, en in Kroonstad het een persoon 1000 sak mielies vir die naturelle van Noord-Transvaal gekollekteer. Ook kan nog genoem word die voorbeeld van sakemanne, dokters en kerkmense wat 'n maatskappy gestig het om landbou-surplusse te gebruik vir die verligting van siektes wat te wyte is aan voedseltekort, veral in naturellegebiede. Die naturelle van ons sendingveld in Soutpansberg het vanjaar byna niks om te oes nie, en as hulle nie gehelp word nie, sal hulle honger ly. Die regering verleen bystand en daar is ook bogenoemde en ander privaat inisiatief, en ons is seker daarvan dat, as ons eie lidmate en gemeentes genader word, hulle ook gewillig sal wees om te help.

Benewens hierdie en dergelike voorbeelde van hulpverlening is daar nog verder die getuienis van naturelle dat hulle nou baie simpatieker as enkele jare gelede in treine en op kantore en deur die polisie behandel word.

Dan is daar nog die groeiende belangstelling en opoffering vir die uitbreiding van die koninkryk van die Here onder die heidene. Niemand sou 'n tiental jare gelede kon aangeneem het dat in hierdie opsig so 'n groot vordering in ons kerk verwesenlik sou word nie. In vergelyking met die traagheid en selfs ongewilligheid

*Vervolg op bladsy 12*

# Die Kerkverband vir die Gereformeerde Gemeentes onder die Nie-blankes

In opdrag van die Sinode hoop die Sinodale Sendingdeputate om gedurende September die kerkverband van die nie-blanke gemeentes nader te reël. Daar word voorgestel dat die basis van verdeling etnies moet wees: d.w.s. dat daar vir verskillende etniese groepe soos die Sotho, die Nguni, die Venda e.d.m. eie sinodes in die lewe geroep word maar dat dit voorlopig net vir die Sotho- en Kleurlinggroepe gedoen word.

Daarmee word nie aparte kerkverbande beoog nie, want die grondbeginsel waarvan uitgegaan word, is dat hierdie gemeentes Geref. gemeentes is, wat omdat hulle lidmate tot ander nasionaliteite behoort, ook in hulle eie sinodes moet vergader. Die bedoeling is dus nie dat hulle vanweë hulle ander kleur of omdat hulle tot 'n ander ras behoort, nou afgehok moet word in aparte meerdere vergaderings nie, maar hier word beoog die toepassing van die Geref. pluriformiteitsgedagte waarvolgens vir die verskillende nasies ook eie gemeentes en meerdere vergaderings nodig is.

Maar dit wil nie sê dat hierdie sinodes nou onafhanklik en los van ons eie kerkverband te staan kom nie, want ons het te doen met die een Geref. kerk wat, hoewel dit in formele opsigte en wat die vorm betref vir die verskillende nasionaliteite verskillend kan wees maar wat die wese aangaan fundamenteel dieselfde Gereformeerde kerk moet bly.

Daarom moet daar ook vir die bespreking van fundamentele beginselsake en ander gemeenskaplike aangeleenthede die nodige verband tussen die kerke gelê word en dit sal 'n verband moet wees van meerdere vergadering tot meerdere vergadering en van sendende tot „sendinggemeente".

Oor hoe dit alles gereël moet word, moet die bogenoemde vergadering geraadpleeg word en sal ook ons sinode uitspraak moet gee, maar dit kan aangeneem word dat in die tussentyd, wat betref die sinodale verband, dit voorlopig gelê sal word deur die Sendingdeputate en deputate van die te stigte sinodes.

Intussen sien ons uit na die heuglike dag wat na ons hoop ook 'n nuwe begin vir die gemeentes onder die nie-blankes sal wees.

---

*Vervolg van bladsy 11*

van vroeër is die vooruitgang op hierdie gebied selfs fenomenaal.

Dit alles behoort ons tot groot dankbaarheid te stem, hoewel hiermee nie beweer kan word dat nie nog baie meer gedoen kan word nie en dat daar nie ook ongunstige tekens is nie, of dat die rasseprobleme hiermee opgelos is, of dat die oplossing al gevind is nie. Tog word deur die goeie gesindheid en die sending goeie menslike verhoudinge teweeg gebring en die rasseprobleme is basies 'n saak van sulke goeie verhoudinge. As dit eers reg is, sal die res ook wel volg. **H.P.**

# Nuusflitse

**Natal:**

In distrikte Inada, Ndwedwe, Richmond en Nqutu word sending gedoen. Tesaam met die predikante van die Gereformeerde Kerke, onderhoudend art. 31 van Holland is daar nou drie blanke-, twee nie-blanke predikante en sewe helpers in Natal werksaam.

Die sesde kerkgebou is reeds in aanbou. Daar word verwag dat teen September nog 'n kerk in Kwa Mashu gestig sal word. In Richmond sal hopelik ook spoedig 'n kerk gestig word onder die Zoeloes. Ds. D. C. Coetsee skrywe dat daar 'n dringende behoefte aan literatuur ontstaan. Zoeloes lees graag maar word oorstroom deur verkeerde leesstof. Hy noem verder dat die Zoeloes die Geref. Kerk as die „Boerekerk" beskou en die Boere in hulle oë die onderdrukkers van die Bantoe is. Die lidmate van die kerk egter, het geen beswaar teen die Afrikaners nie en verwelkom die blanke leiding.

In die distrikte Inanda en Ndwedwe wat vanuit Durban en Kwa Mashu bearbei word, woon 200,000 Zoeloes.

**Koster:**

Sendinghelper James Mathope werk in die omgewing van Koster. Die sendingwerksaamhede het hier besonder uitgebrei en hoewel net op Witrand en Doringpoort doop en nagmaal bedien word, word ook nog die Woord bedien op Waterval, Leliefontein en Mooilaagte.

Moruti B. D. L. Dingaka van Ventersdorp bedien die Sakramente op die oomblik en daar word sterk aan gedink om later 'n eie predikant te beroep vir die te stigte nie-blanke kerk van Koster.

**Florida:**

Die sendingwerk te Diepkloof, 'n nieblanke woongebied, is deur Florida-kerk van Linden oorgeneem. In die gebied word veral onder die Sotho- en Zoeloegroepe gearbei.

**H. B. van der Walt**




# Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika

**Deur ds. G. E. Bruwer,**

**Organiserende Sekretaris, Bybelgenootskap van Suid-Afrika.**

Voorin elke Bantoe-bybel staan die naam gedruk van die vereniging of genootskap wat daardie Bybel laat vertaal en laat druk het en ook help met die verspreiding daarvan: **Die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap (of the British and Foreign Bible Society).** 'n Bybel wat hierdie naam nie dra nie, is gewoonlik afkomstig van die Rooms-Katolieke Kerk. Die ou naam van die Bybelgenootskap is onlangs deur die Moedergenootskap in Londen verander tot **DIE BYBELGE-**

*Vervolg op bladsy 15*



*Vervolg van bladsy 14*

**NOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA, hulpvereniging van die B. en B. Bybelgenootskap.**

Die nuwe naam bedoel nie dat ons in Suid-Afrika nou heeltemal los is van die Bybelgenootskappe in ander lande nie. Net soos Kanada, wat 'n paar jaar gelede reeds die reg ontvang het om bekend te staan as **The Canadian Bible Society**, sal ons nog die familieband met die Moedergenootskap in Londen behou soos 'n dogter wat mondig word en gevolglik sekere regte en voorregte kry sonder om afgesny te word van haar familie.

Soos voorheen sal die Bybelgenootskap van Suid-Afrika die Bybel in die sewe erkende Bantoe-tale van die Republiek beskikbaar stel, en wel teen 'n prys binne bereik van die behoeftiges.

Wanneer 'n mens 'n gewone Bybel teen 65c koop, moet jy altoos onthou dat die werklike prys van daardie Boek dubbel soveel is. Die Bybelgenootskap is egter nie soos die gewone boekwinkels wat profyt maak nie. Nee, ons bring die prys laer en laer sodat elkeen dit kan betaal. Ons glo egter dat 'n mens 'n boek en 'n Bybel waarvoor jy darem iets betaal het, meer sal waardeer en beter sal oppas as boeke wat sommer present weggegee word. Dis mense wat 'n Bybel sommer verniet kry wat soms nie omgee om 'n bladsy uit te skeur en vir 'n sigaret te gebruik nie.

'n Sendeling het my eendag gevra of ons nie voorin elke Bybel 'n papiertjie kan plak om die leser of eienaar te vra om sy of haar Bybel tog versigtig te hanteer en nie sommer aan wind en weer, son en reent, bloot te stel nie. Dis vir ons prakties onmoontlik om so-iets te onderneem maar elke Christen-ouer sal seker sy kinders daarop wys dat hulle die Boek van God met gepaste eerbied behoort te hanteer en dit moet oppas want daar is nog miljoene mense wat nie eers 'n Bybel of stukkie van die Bybel het nie.


**BYBELS IN BANTOETALE**

@ 70c posvry per eksemplaar

'n Volledige pryslys is op aanvraag verkrybaar

**„LIFELA TSA SIONE"**

sal vermoedelik in Januarie 1962 weer verskyn

U adres, óók vir sendinglektuur, is:

**PRO REGE-PERS BEPERK**

Posbus 343 — Telefoon 1164 en 497 — Potchefstroom



# STAAL DEUG VIR ELKE BOUTAAK

*. . . in die hand van die **deskundige!***



- Grootpawiljoen, Ladysmith, Natal — staalwerk deur B & G.
- Die nuwe Geref. Kerk, Lyttleton, Pretoria—staalwerk deur B & G.
- Toring vir die V.E.T.S.A.K.-pawiljoen, Randse Skou — staalwerk deur B & G.



**BAKKER & GRIFFIOEN (Edms.) Bpk.**

Ontwerpers, Vervaardigers en Oprigters van Staalkonstruksies.

Posbus 17, Industria, JOHANNESBURG.

Tel. 35-5538/9 Telegramme: 'BAKGRIF'

BG 8125



Gedruk deur Potch. Herald/vanderspoel-drukkery (Edms.) Bpk.
Olenlaan 11. Potchefstroom.

SENDINGTYDSKRIF UITGEGEE DEUR DIE SINODALE SENDING-DEPUTATE VAN DIE GEREFORMEERDE KERK

JAARGANG 6 — NR. 1
SEPTEMBER 1962

SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS
REFERENCE LIBRARY



# DIE OES

## MISSIONÊRE PREDIKANTE, TWEE PROFESSORE EN DS. BRITZ



Van regs na links:

Agter: Di Van der Berg, Floor, D. C. Coetzee, J. L. Aucamp, J. Vonkeman, J. C. Britz, J. A. van Rooy.

Voor: Ds. D. C. S. van der Merwe, prof. W. J. Snyman, di Ph. C. Snyman, Johan Coetzee, prof. H. du Plessis, ds. J. L. Helberg.

(Dit spyt ons dat die name in die vorige uitgawe verkeerd aangegee is. — Red.)

# DIE OES

Jaargang 6. Nommer 1.
SEPTEMBER 1962

Uitgegee deur die Sinodale Sendingdeputate van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

*Redaksie*:

Prof. H. du Plessis (Hoofredakteur), mnr. H. B. van der Walt (sekr.), prof. A. Postma.

*Administrasie*:

Ds. D. C. S. v. d. Merwe (voors.), prof. H. du Plessis en mnr. H. B. van der Walt (sekr.)

*Alle artikels en foto's* moet gestuur word aan:

*Posbus* 2031, *Noordbrug.*

*Alle intekengeld, advertensie-navrae en adres-veranderings* moet gestuur word aan

*Die Adm.* DIE OES,
*Posbus* 2031, *Pk. Noordbrug,*
POTCHEFSTROOM.

Intekengeld 50c per jaar, vooruitbetaalbaar.

Die blad verskyn sesmaal per jaar.

**Kategismus in Setswana.**

Aan kerkrade wat reeds daarvoor gevra het sowel as dié wat daarin mag belang stel word meegedeel dat die Kategismus in Setswana nou te koop is. (Vertaling van ,,Rooiboekie''). Die prys is 10c posvry en moet bestel word by: Sendinglektuur, Posbus 2008, Noordbrug.

H. B. van der Walt,
Skriba Sendinglektuur.

## Redaksioneel

### DIE HEIDENDOM BY CHRISTENE.

In die boekie ,,Die Heidendom in die Sendingkerk en die weerlegging daarvan'' gee eerw. C. T. Smith e.a. baie belangrike besonderhede oor die voorkoms van heidense gebruike en opvattinge by lidmate van die N.G. ,,Sendingkerk''. Dat dergelike verskynsels nog in so 'n mate tot selfs onder lidmate van die ressort van die Sendingring van Kroonstad, waar al vir so baie jare sending gedoen word, voorkom, is seker vir baie onrusbarend. Maar ons glo nie dat die posisie by ons eie nie-blanke lidmate juis gunstiger is nie.

Ons sal, soos dr. H. Kraemer al herhaaldelik gewaarsku het, baie groter erns moet maak met die verskynsel van sinkretisme by christene van die jong kerke. Dit sal nie help om maar net die toevlug tot sensuur te neem nie, want dan word hierdie ergerlikheid maar net ondergronds voortgesit. Dit sal ook nie help om dit maar net bespotlik voor te stel of om die bespotlikheid daarvan te probeer aantoon nie. Daar sal baie dieper as dit gegrawe moet word. Dit is ook nie nodig om al te ongerus daaroor te word nie, want dit neem gewoonlik geslagte voordat die heidendom in sy ou vorme oorwin word. Daar is trouens by baie blankes nog steeds allerlei bygelowe. Baie glo nog aan towenary, spoke e.d.m. en neem ook soms hulle toevlug tot toordokters of dolosgooiers.

Vir die bestryding van die heidense en sinkretistiese verskynsels by lidmate gee eerw. Smith die volgende aan die hand:

a) 'n Sterk kommissie van kundige teoloë en volkekundiges moet benoem word om die hele probleem te ondersoek en aanbevelinge te maak. Wat ons in hierdie boekie kry is reeds waardevol as 'n inleiding, veral om ons op die spoor te bring van die vorme van heidense reste wat nog by sommige christene voorkom. Eerw. Smith moet egter erken dat na 'n studie en navorsing van agtien maande nog maar net die oppervlakte van die probleem in hierdie boekie aangeraak is.

b) Die inisiatief tot bestryding van die heidendom moet veral van kerklike Bantoeleiers en ander intelligente christene uitgaan. Daarvoor is nodig dat by die opleiding van Bantoewerkkragte baie werk gemaak word van die onderrig in Elenktiek (die wetenskap i.s. die ontmaskering van die heidendom) en boweal van diepgaande Skrifstudie.

c) Wat die lidmate betref, moet daar meer op die kwaliteit as op die kwantiteit gelet word. Dit help nie om 'n groot kerk vol semi-heidense en sektariese mense te hê nie. Die neiging is dikwels om net by die bekeringsboodskap te bly en nie om die volle evangelie vir die hele lewe te verkondig nie.

d) Aangesien dit wil voorkom of die heidendom nie by die ouer geslag uitgeroei sal word nie, moet die nadruk veral gelê word op die bearbeiding van die jeug. Dit is miskien nodig dat jeugorganiseerders wat kennis van sake het, benoem word.

O.i. moet in die eerste plek tot die kern van die ongelowige religieuse besef deurgedring word. Hierin gaan dit om die Godsbegrip. Alleen wanneer daar die regte Godsbegrip is, kan die versoekinge van die heidendom weerstaan word. Die Skrif is gegee as 'n Openbaring van en oor God. Daarom moet die Here self verkondig word. Die hoofnadruk moet nie val op die verlossing van die mens nie maar op die verlossende God. Die Skrif laat ons God sien as die Here wat só almagtig is dat Hy die mensheid en die wêreld verlos en sóveel liefde het dat Hy sy eie Seun daarvoor gee. Daarom sal die mens, wat sy almag en liefde hierin ontken en verag, vir ewig gestraf word.

Die nadruk moet nie val op 'n negatiewe bestryding van die heidendom nie maar op die positiewe verkondiging van die dade van God. Dit moet gedoen word soos wat die Here Homself teenoor die heidendom geopenbaar het. Daarom moet teenoor die heidense wanbegrippe die magtige dade van God verkondig word. God moet verkondig word as die almagtige Here wat alle werkinge van geeste, towenaars en die duiwel kragteloos maak. Hierop moet die nadruk val.

Hoe dat die Skrif die openbaring van God positief teenoor die heidendom stel het ons, wat die Ou Testament betref, probeer aantoon in 'n manuskrip wat nou by die pers is.

In die tweede plek is dit baie belangrik dat daar, soos eerw. Smith aan die hand doen, baie meer werk gemaak moet word van deeglike onderrig in die Skrif. Die Bybelkennis van die meeste lidmate is uiters swak. Ons ondervinding is dat alleen dié Bantoes wat die Bybel ken die versoekinge van die heidendom kan weerstaan.

Maar dan moet hierin veral as doel gestel word om teenoor die raamwerk van die heidense totaliteit die samehang van die Openbaring van God en sy koninkryk te stel. Die Skrif moet spreek soos wat dit homself aanbied as 'n geskiedenis van die openbaring van God, waarin dit veral gaan om sy magtige openbaringsdade. Dit is baie nodig dat alle doopkandidate sodanige inleidende onderrig ontvang. Die samehang van die openbaringsgeskiedenis moet met Christus as die sentrum van die hele Skrif gestel word teenoor die heidense totaliteitsraamwerk. Daarvoor is nodig dat 'n samevatting van die hoofmomente van die openbaringsgeskiedenis gegee word, maar dit moet gegee word as 'n prediking van die dade van God.

Verder is dit 'n dringende noodsaaklikheid dat daar 'n duidelike besef moet

wees van hoe die heiden, soos Paulus dit uitdruk, die waarheid in ongeregtigheid onderdruk en met die leuen vervang. (Rom. 1 : 19, 23, 25). Alleen wanneer daar in sake die verskillende hoofaspekte van die heidendom 'n duidelike beeld is van hoe die waarheid onderdruk en vervang word, sal die onderrig en die verkondiging spreek as die lewende en onweerlegbare waarheid vir die konkrete situasie van die ongelowige.

Bostaande is maar enkele aanduidings. Die probleme in hierdie verband verg, soos eerw. Smith tereg aantoon, nog baie studie.

H.d.P.



# ONS SENDINGWERK ONDER KLEURLINGE

Van al die nie-blanke volksgroepe in ons land staan die Kleurlinge seker die naaste aan ons. Hulle vorm 'n belangrike deel van ons land se bevolking, nl. ongeveer 9%. Aangesien die blankes 21% van die totale bevolking uitmaak, volg daaruit **dat die Kleurlinggemeenskap met die blankes ongeveer 30% van ons totale landsbevolking vorm.** Die Bantoe en Indiërs vorm die orige 70%.

Op die skouers van blankes en Kleurlinge wat die hoogste ontwikkelingspeil in ons land bereik het, rus ten opsigte van die Bantoes en Indiërs dus 'n groot verantwoordelikheid.

Ongeveer 1 miljoen Kleurlinge woon in Kaapland, terwyl die getalle vir die ander provinsies ongeveer soos volg is: Transvaal 75,000, Natal 32,000 en O.V.S. 15,000. Van hierdie totaal in alvier die provinsies woon **ongeveer 64% in stedelike gebiede** en die res op die platteland.

Veral in die Kaapse Skiereiland is die konsentrasie van Kleurlinge baie sterk. Daar word bereken dat vir elke 10 blankes wat sedert 1930 na Kaapstad getrek het, 17 Kleurlinge daarheen verhuis het. Die verstedelikingsproses het, netsoos vir die blankes, ook vir die kleurlinge in baie gevalle geestelike agteruitgang beteken. So vermeld prof. W. J. van der Merwe in 'n artikel wat enkele jare gelede in ,,Die Koningsbode'' verskyn het en waaraan die meeste bogenoemde gegewens ontleen is, dat die Ned. Gereformeerde Sendingkerk in hierdie verskuiwingsproses na die stede 22 uit elke van sy 30 lidmate verloor het. Hulle het óf kerkloos geword, óf by ander kerke aangesluit, óf hulle by een of ander sekte gevoeg, óf totaal sonder kerkverband gebly.

Dit is duidelik dat die kerk op alle plekke waar die Kleurlinge hulle bevind 'n besondere taak teenoor hulle het. Hulle staan van al die bevolkingsgroepe die naaste aan ons omdat hulle ons taal praat. Hulle erediens vind op dieselfde wyse plaas as wat by ons die geval is, hulle gebruik dieselfde Bybel en Psalmboek as ons.

Oor die algemeen is die arbeid onder die Kleurlinge nie meer sendingwerk in die volle sin van die woord nie, aangesien minder as 9% hoegenaamd nie aan 'n kerk behoort nie. Dit moet dus meer as evangelisasiewerk beskou word ,hoewel dit natuurlik net so belangrik as sendingwerk is. Baie van die Kleurlinge verkeer in die geestelike duister en in bewoënheid moet ons in die Naam van Jesus Christus na hulle uitgaan.

Op die oomblik bestaan daar ses Gereformeerde kerke onder die Kleurlinge. In Kaapland is hulle te Venterstad, Philipstown en Grassy Park (Kaapstad) en in Transvaal te Benoni, Kliptown (Johannesburg) en Newclare (Johannesburg). Hulle word deur vier Kleurlingpredikante en een helper bedien. Die totale getal belydende- en dooplidmate is oor die 800 en daar is gedurige groei.

Nie een van hierdie lidmate was egter vroeër Mohammedane soos soms veronderstel word nie. Die meer as 100,000 Mohammedane in ons land (wat die Maleiers insluit) vorm 'n heeltemal afsonderlike groep waaronder ons kerk nog nie begin werk het nie. In 'n volgende artikel hoop ek oor hulle, en veral oor die Maleiers, iets te sê.

P. G. Geertsema.

# Ontwikkelinge in sake die Sending van die N.G. Kerk

Volgens Die Ligstraal (1 Julie) was daar op die vergadering van die ,,Raad van Kerke van Gereformeerde Belydenis", wat op 25 Mei van hierdie jaar op Pretoria vergader het, vyf ,,Moedersinodes" en agt ,,Sendingkerke" verteenwoordig. Daar was ook verteenwoordigers van die Shona-Gereformeerde Kerk van Suid-Rhodesië en die Kerk van Midde-Afrika, Presbiteriaans van Nyasaland.

Op die 12de Junie het weer 'n ander Raad vergader, die Raad van N.G. Sendingkerke, waarop al die vyf ,,Sendingkerke" in S.A. verteenwoordig was. Op hierdie vergadering is sake behandel soos die ,,vereniging" van die Sendingkerke. Vir eers gaan dit hier om die vereniging van die vier Bantoe-sinodes in een Algemene Sinode. Die verskillende sinodes het die ,,vereniging" reeds in beginsel goedgekeur en ook die weg aangedui waarlangs dit moet plaasvind, maar in verband met ,,die wet is daar nog baie sake wat moet reggemaak word." Die vier sendingkerke is die volgende: die Ned. Gereformeerde Sendingkerk in die O.V.S., die Ned. Gereformeerde Sendingkerk in Transvaal, die Ned. Gereformeerde Bantoekerk, Kaapland en die Ned. Gereformeerde Sendingkerk van Natal.

Daar is 'n uitgebreide verslag aan die Raad voorgelê oor sake in verband met die huwelik in die Sendingkerke. Met betrekking tot hierdie sake is daar verskillende erkende praktyke. Sommige kerke erken die lobola-huwelik en ander nie. Sommige kerke doop onder sekere omstandighede veelwywers en ander wil dit onder geen omstandigheid doen nie. Daar is ook nog baie ander probleme i.v.m. die huwelik. Die Raad het nie oor alles tot 'n beslissing gekom nie en verskillende sake is na die kommissie verwys wat die verslag ingedien het.

Intussen het daar 'n belangrike boekie van dr. W. D. Jonker verskyn, Die Sendingbepalinge van die N.G.K. van Transvaal. Hierin probeer hy om aan te dui wat die Skrifbeginsels vir die sending en kerkvorming is en hoe die kerkverband tussen die kerke onder die nie-blankes en die onder die blankes moet wees. Oor hierdie werk het daar 'n bespreking in Die Kerkblad verskyn.

# Eie meerdere vergaderings vir die gemeentes onder die nie-blankes

'n Gebeurtenis van verstrekkende en hoogs belangrike betekenis is die besluit van die afgevaardigdes van die nie-blanke gemeentes om voortaan in hulle eie meerdere vergaderings saam te kom. Hieroor het die ongeveer 80 afgevaardigdes, onder wie omtrent 20 predikante, op hulle vergadering van 26 tot 28 September op Potchefstroom, onder leiding van die Sinodale Sendingdeputate wat deur die Algemene Sinode (1961) opgedra is om in oorleg met die missionêre predikante die nie-blanke kerkverband te reël, in 'n diepe besef van hulle verantwoordelikheid lank en baie ernstig beraadslaag en die saak van alle moontlike aspekte onder die oë gesien.

Onder hierdie besprekinge het ons diep onder die indruk gekom nie alleen van die erns waarmee hulle besiel is nie maar ook van hulle diep gevoelde begeerte dat die goeie verhoudinge met ons blankes en kerk moet bly voortbestaan. Hier was nie die minste sprake van 'n dryfveer tot onafhanklikheid en losmaking van die bande wat hulle aan ons bind nie. Inteendeel, daar was 'n aanvanklike huiwering om tot die instituering van eie meerdere vergaderings oor te gaan, omdat hulle nie alleen bevrees was dat hulle te lig bevind sou word om die nuwe verantwoordelikheid te dra nie maar ook dat hierdeur die onderlinge band tussen ons en hulle verbreek kan word en dat hulle nie altyd selfstandig die gereformeerde weg sal kan vind nie.

**Kerkverband gehandhaaf**

Die besondere betekenis van hierdie instituering is egter juis dat in teenstelling met die gebruik by ander kerke in so 'n geval, die kerkverband op grond van die besluit van ons Algemene Sinode gehandhaaf moet word, aangesien die Sinode van die sienswyse uitgegaan het dat ons te doen het met die een Gereformeerde Kerk wat nie in verskillende kerke opgesplits kan word nie. Volgens die Sinode moet die eenheid „institutêr" tot uiting kom in ekumeniese verband volgens die fundamentele eenheid van leer, diens en tug". Oor hoe die verband nader gereël moet word, is daar sekere voorstelle van die Sendingdeputate wat aan hulle en

ons sinodes. D.V. onderskeidelik in Sept. 1963 en Jan.—Febr. 1964 voorgelê sal word.

'n Ewe belangrike beginsel is egter dat nie alleen met die beginsel van eenheid maar ook met dié van die natuurlike Godgegewe verskeidenheid tussen die volke met hulle verskillende tale en kulture rekening gehou moet word. Daarom het ons Sinode ras- en volksvermenging as beginsel en reël op kerklike gebied verwerp maar aan die ander kant het die Sinode in beginsel ook verwerp die vorming van aparte kerke op grond van 'n kleurgevoel. Waar ons reeds te doen het met aparte gemeentes volg dit vanselfsprekend dat daar vir die gemeentes ook 'n eie kerkverband moet wees, en daarom het ons Sinode tereg besluit dat die verskillende ,,taal- en volksgroepe hul eie kerkverband tot op die nasionale vlak moet institueer."

Dit kan egter in geval van die Bantoes, wat in die blanke gebiede woonagtig is, nie onder die huidige omstandighede konsekwent toegepas word nie. Daar moet ook rekening gehou word met die geografiese verspreiding van die Bantoes. Die ideaal wat die Sinode stel kan dus nog nie ten volle verwesenlik word nie. Daarom het die deputate en genoemde afgevaardigdes met algehele instemming ooreengekom om voorlopig te volstaan met 'n sinode vir die Kleurlinge, een vir die Bawendas en Shangaans van Noord-Transvaal en een vir die Bantoes in die res van die Republiek.

**'n Band**

Daar sal dus D.V. vanaf volgende jaar nie meer net een Gereformeerde Algemene Sinode wees nie maar vier. Hierdie nuwe ontwikkeling sal vir die nie-blankes sowel as vir die blankes van S.A. van geweldige betekenis wees, veral daarin dat, waar die gemeentes onder die nie-blankes miskien tot dusver beskou en behandel is as afhanklike sendinggemeentes, hulle nou in hulle eie meerdere vergaderings selfstandig moet besluit oor sake van leer, diens, tug en ander sake van gemeenskaplike belang. Maar dit wil geensins sê dat hierdie gemeentes onafhanklik geword het nie, want so iets ken die Gereformeerde kerkreg nie, en dit sou uiters dwaas wees om van die verstandhouding uit te gaan dat hulle voortaan sonder ons hulp oor die weg kan kom en sonder ons oor die fundamentele aspekte in verband met leer, diens en tug kan beslis. Daar moet steeds 'n band gehandhaaf word van gemeente tot gemeente, van meerdere vergadering tot meerdere vergadering en van die missionêre predikante tot die gemeentes en die meerdere vergaderings. Dit is die begeerte van die nie-blankes en so moet dit ook wees. Oor hoe dit alles moet gebeur is daar die genoemde voorstelle van die sendingdeputate waardeur, as dit aanvaar en in werking gestel word, ons insiens met die seën van die Here verseker kan word dat aan hierdie voorwaardes voldoen word.

So sal aan Suid-Afrika en aan die hele wêreld getoon word hoe dat nasies van verskillende rasse en kleure deur die gemeenskaplike band aan dieselfde Here saamverbonde is in dieselfde geloof en kerklike lewe, sonder dat die grense tussen die rasse en volke uitgewis word. Ons wil mekaar oor die grense tussen rasse en nasies ontmoet, sonder om egter die natuurlike skeidslyne uit te wis.

# NUUSFLITSE

## SILOAM:

Op Siloam, Noord-Transvaal is mev. M. J. Juyn van Pretoria aangestel om voltyds onder die vroue in die omgewing te arbei. Die werk bestaan uit godsdiensonderrig, naaldwerkonderrig en volwasseonderwys aan vroue. Die belangstelling is groot. Mev. Juyn is ook besig om nieblanke helpsters vir die werk op te lei.

Daar is 'n verbasende uitbreiding van die sendingwerk onder die Vhavenda. Nie alleen kom oral oor die hele Vendaland versoeke om die evangelie te kom verkondig nie, maar daar rus ook ongekende seën op die werk. Waar vroeër vir jarelank slegs enkele persone jaarliks gedoop is, is bv. op Sondag 24 Junie op een enkele pos, nl. die by Altenmyn aan die Shingwedzirivier naby die Krugerwildtuin, 118 persone gedoop, waarvan 86 volwassenes was. Dit was die resultaat van 'n intensiewe bearbeiding deur 'n vier stuks helpers tegelyk uit die gebied van die Sendingstasie De Hoop. Die volgende Sondag is op een ander pos in die noordooste van Vendaland, in Rambuda se lokasie, dertig persone tot die kerk daar toegevoeg, meeste waarvan volwassenes wat gedoop is. Net in die sendingwerkkring Siloam het die aantal persone wat met die oog op die doop onderrig ontvang vanaf Januarie tot Junie 1962 van ongeveer 87 tot 270 toegeneem. Die aantal poste waar daar voltydse helpers in diens is, beloop nou ongeveer 60.

## RUSTENBURG:

'n Nuwe Bantoe-kerk (gemeente) is onlangs in die Rustenburgse distrik gestig. Die naam van die kerk is Thlabane en het dieselfde dag sy nuwe kerkgebou ingebruik geneem.

Die lidmate van hierdie kerk het voorheen 'n deel van Brits gevorm. Beestekraal- en die twee Rustenburgse Kerke is die sendende kerke in die geval van Thlabane.

## MAFEKING:

Onlangs het die Mafekingkerk ook sy nuwe kerkgebou ingebruik geneem. Die heuglike gebeurtenis het gevolg op jarelange onderhandelinge om geskikte grond vir die doel te kry.

Mor. J. G. Moseki is in die gemeente in 1958 bevestig. Die reservaat word bewoon deur 40,000 Bantoes.

## GOBABIS:

Die predikant, wat die blanke Kerke van Aranos en Ghanzi bedien, sal ook die verantwoordelikheid vir die sendingwerk van die kerkraad van Gobabis onderneem.

Vir 'n geruime tyd word deur die kerkraad van Gobabis in die rigting gewerk.

Die kombinasie hoop om in November vanjaar te beroep.

## SANNIESHOF:

Die beroep wat Sannieshof na die vertrek van Mor. S. Maas op Mor. E. T. Chaka uitgebring het, is nie aangeneem nie.

H. B. van der Walt.

# „Die Bantoe-vrou op soek na God"

(Samevatting van 'n toespraak van prof. H. du Plessis voor die G.S.O.-Potchefstroom-Noord).

**„Black Woman in search of God"** — dit is die titel van 'n boek van 'n Nederlandse dame, mev. M. Brandel-Syrier wat 'n uitnemende kenner van die Islam en Arabies is en, soos sy sê, geleer het om met nie-blanke oë na blanke aangeleenthede en ontwikkelinge te kyk. Met haar besoek aan Suid-Afrika is sy deur die **Institute of Race Relations** gevra om navorsing te doen insake die node van die stedelike Bantoe-vrouens. In hierdie studie het sy op die s.g. Manyano afgekom, waaroor sy as sydelingse vrug van haar studie hierdie werk die lig laat sien het. Vir meer a sewe jaar het sy 'n persoonlike en intieme kontak met Bantoe-vrouens gehad en hulle het geleer om haar te vertrou. 'n Mens kan dus aanneem dat sy geleer het om te weet wat hulle sienswyse oor sake is en 'n insae in hulle omstandighede verkry het.

Die Manyano is die Bantoe-Vrouensorganisasies van die kerke in Suid-Afrika. Hulle vergader gewoonlik Donderdae. Die verenigings van die verskillende kerke het elkeen sy kenmerkende uniform.

Tog is dit nie kerklike vereniginge nie, want die besondere kenmerk daarvan is juis 'n sekere mate van geslotenheid. Alleen deugsame en getroue vroulike kerklidmate van ongeveer 40 jaar en ouer word as lede opgeneem. Buitestaanders mag alleen met toestemming van die vereniging die vergaderings bywoon, maar van sekere verrigtinge word hulle uitgesluit. Hulle mag bv. nie teenwoordig wees as die „maak van wette" bespreek word



of wanneer 'n ondersoek ingestel word na die gedrag van een of meer lede nie. I.s. hierdie ondersoek gaan dit soms oor onderlinge twiste en ook oor sensurable sondes. In die laaste geval word 'n lid geskors as sy in haar sonde volhard. Dan word sy ,,ontkleed'', d.w.s. sy mag nie meer die uniform dra nie en haar saak word voor die kerkraad gelê.

Die meeste tyd word in beslag geneem deur preke en gebede. Hier gaan dit soms baie emosioneel toe en een of meer vrouens kan soms selfs histeries word. Maar telkens vind daar weer deur die gesamentlike sang 'n emosionele ontlading plaas. In die preke en gebede doen die vrouens oproepe tot bekering, lê hulle hulle persoonlike moeilikhede en node voor die gehoor en die Here. Die skryfster sien daarin 'n eindelose, hulpelose worsteling teen onoplosbare probleme. Nà haar eerste ondervinding van so 'n vergadering het sy daar weggegaan half bedwelm van ontferming, en haar hart was krank en oorweldig deur die ellendes van die wêreld. Maar die ,,lydende'' persone het nie so gevoel nie. Hulle het alles ,,uitgehuil'', hulle berus en gaan weer vol moed die lewe in.

Die lede doen ook sendingwerk, gewoonlik onder leiding van 'n kerklike ampsdraer, en hulle besoek die siekes en bring dan gewoonlik tee, suiker en veral kerse saam. (Die kerse is vir die lang eensame nagte!) Dan versorg hulle die kinders, maak die huis aan kant en bring troos net deur hulle teenwoordigheid. Hulle belangrikste werksaamheid is egter die insameling van fondse vir hulle onderskeie kerke of kerklike inrigtings. Hier-



**HAMMANSKRAAL**

voor word soms groot somme byeengebring. Dit doen hulle alles so op hulle eie manier en hulle beheer self hulle geldelike sake.

Die verenigings van die verskillende kerke nooi mekaar gereeld uit en dan moet die gaste iets gee vir die versnaperinge wat hulle by hulle gasvrouens geniet. Ook op hierdie manier word geld ingesamel.

Gewoonlik weier hulle ten ene male dat die kerklike outoriteite hulle met hulle sake bemoei. Hulle wil sake op hulle eie manier behartig en vry wees om hulle op hulle eie manier uit te leef. Simpatieke blankes word tot die verrigtinge toegelaat, maar hulle mag nie teenwoordig wees wanneer wette gemaak word of van die lede onder hande geneem word. Dit is dus semi-geheime verenigings. Hulle wil graag van 'n simpatieke blanke leer, maar hulle wil nie voorgesê word nie. Wanneer 'n blanke hulle vertroue geniet en hulle merk dat so 'n blanke hulle nie verag nie en ook nie op wat hulle op hulle eie manier doen, neersien nie, is hulle geneë om by so 'n persoon te leer.

Volgens die skryfster hou die meeste kerklike outoriteite nie juis baie van hierdie soort vereniging nie. Sy self is van gedagte dat hulle hulle tyd nuttiger kan bestee deur lesings of handwerkonderrig in hulle vergaderings toe te laat. Daar word ook te veel nadruk gelê op die insameling van geld en die emosionele aspek is te veel op die voorgrond. Maar die kerke slaag nie daarin om daaraan verbetering te bring of om die verenigings onder die kerk te stel nie. Dit sal egter nie help om ons beskouings oor hoe hulle hulle vereniging moet inrig by hulle te wil afdwing nie. Dan begin hulle 'n soort sloerstaking en die uiteindelike gevolg is dat die kerk sy beste lidmate verloor. Sukses kan alleen behaal word as hulle self oortuig word en as wat ons voorstel inpas by hulle agtergrond, mentaliteit en Bantoe-siening van sake. Hulle sal hulle egter alleen laat oortuig en lei deur simpatieke blanke persone wat naas hulle gaan staan, hulle en hulle maniere nie as „kafferagtig'' beskou nie, hulle vertrou om selfstandig te werk te gaan en hulle help en op 'n taktiese wyse lei om dit selfstandig te kan doen. Die skryfster verwag egter alleen dan 'n blywende verbetering as meer ontwikkelde Bantoe-vrouens beweeg kan word om lede van die verenigings te word.

Die vrouens offer in die reël baie vir hulle verenigings op en beskou dit as onmisbaar vir 'n christelike lewe. Daarin kry hulle, soos hulle beweer, krag om in hulle moeilike lewensomstandighede te volhard. In hierdie verband probeer die skryfster nagaan wat die Christendom vir die Bantoe -beteken en wat 'n Bantoechristen is.

Die sending hou nie genoegsaam rekening met die Bantoe-agtergrond, Bantoeaspirasies en ideale nie. In die Mayano word volgens die skryfster gesien 'n eie antwoord op die uitdaging van die Westerse beskawing, 'n bolwerk teen algehele ontwrigting. Daar is by die Bantoe 'n drang na 'n uitlewing in eie vorme en 'n eie beskawing. Die dinamiet, die kragsentrale van hierdie nuwe ontwikkeling is by hierdie vrouens. Hulle soek in die ontwortelde en gedisintegreerde Bantoelewe 'n nuwe houvas, 'n nuwe koers, 'n Christelike fondament in die nuwe lewe. Maar hulle voel intuitief aan dat hulle as Bantoes verlore is as daar nie 'n eie Bantoestempel is nie, as die nuwe nie in Bantoevorme gegiet word nie. As gevolg van ons

foute van die verlede trek die Bantoe-kragte hulle terug in 'n wêreld van hulle eie — 'n wêreld wat die blanke Christendom nie kan ontwrig nie. Dit sien die skryfster agter hierdie Manyano. Daarsonder is die kerk vir die vrouens net 'n Westerse instelling. Volgens haar gee die vereniginge aan die vrouens 'n samehang in 'n lewe wat so verbreek is soos 'n gebroke fles, 'n tuiste in 'n lewe van eensaamheid; iets wat hulle eie is in 'n bestaan waarin dit lyk of alles buite bereik is. Dit is 'n toevlug waar 'n vrou vriendskap vind, waar haar gevoel van eerbaarheid versterk word, waar haar ongelooflike kapasiteit van volharding en uithoudingsvermoë geskraag word en haar gevoel vir wet en orde gevoed word. Dit gee aan die vrou hoop en 'n rigting. Hier vind plaas gemeenskapsuitstortinge van opgekropte gevoelens en frustrasies, maar die Manyano is ook 'n bron van geesdrif, liefde en toewyding en selfs begeestering. As die Christendom nie kan inhou wat inherent daarin is as 'n lewensbeskouing nie sal dit die Christendom uiteenblaas. Hierdie vrouens, en nie die mans nie, is die bewarende element in die Bantoe-samelewing, hulle is die krag van die Christendom onder die Bantoe.

Tot sover die skryfster. Sy is nie lidmaat van 'n kerk en is dus nie in staat om 'n juiste teologiese beskouing oor die saak te gee nie. Tog is haar boek van groot waarde en ons is van gedagte dat haar konklusies, soos in die laaste paragraaf saamgevat is, in hoofsake korrek is. Ons eie kerk het ook met hierdie vereniginge te doen. In sommige opsigte het ons daarin geslaag om met die medewerking van die vroue verbeteringe aan te bring. Maar wat ook al ons beskouing mag wees, is dit noodsaaklik dat ons kennis neem van die inhoud van hierdie boek. Alleen wanneer ons met hierdie kennis gewapen is kan ons die regte optrede vind en aandui.

---

# Die Volkies

Ou Doempies was gereeld by die kerk. Hy het nie veel verstaan wat aangaan nie. Hy het net gevoel hy moet daar wees. En hy het altyd op dieselfde plek gesit. Soms was die kerkraad nog besig met vergadering, maar die deure was oop, en Doempies kom ingestap, ure voor die kerk begin. Dan maak die diaken vir oompie Doempies duidelik dis nog nie tyd nie, ons is nog besig, hy moet later kom, die klok sal lui. ,,O! O! O!" En ewe getroos gaan hy terug.

'n Jaar lank het die oefenaar hom gekatkiseer. Hy kom niks verder nie. Eindelik beveel hy by die kerkraad aan ons moet hom maar ,,aanneem op onse Vader". ,,Ja, ja", sê die kerkraad, en almal pleit vir Doempies. Ons neem aan so ver hy kan verstaan, verstaan hy, en dit opreg. Algemeen toegestaan vir belydenis en doop.

Met die aflê van belydenis het die predikant by hom kom staan. Die vrae wat die oefenaar vooraf mooi vir hom ver-

duidelik het, word nou weer baie eenvoudig aan hom voorgehou. En sover die leraar vra, sin vir sin, sê Doempies: ,,Ja, ja, ja!" En hy buk om gedoop te word. Al die oë is nat. En die sang daarna was 'n loflied.

Nie lang daarna kom vertel die ouderling: ,,Doempies het gesterwe." Dit is soos 'n persoonlike verlies vir elkeen wat hom geken het. Onbekende familielede daag op om te help begrawe, en almal drink saam koffie. Die arme ou Doempies, wat meeste skaars raakgesien het, vorm nou die hooffiguur in die geselskap.

Alles is gereël. Dis begrafnis. Die oefenaar hou die rede. Die hele gemeenskap wat daar kan wees is daar. Dit is 'n drukte. Eindelik bedaar dit. Sommige bedaar so dat dit lyk of hulle slaap. Het hulle iewers druiwesoppies in hande gekry? Dis maar biekie deurmekaar sulke dae. Enkele lidmate is soms ook skuldig, maar die eintlike oortreders is onder die belangstellendes.

Die teks is uit I Sam. 20. Dawid kla by Jónatan dat sy vader Saul hom vervolg. Jónatan wil dit nie glo nie, maar Dawid is positief, ,,daar is net een skrede tussen my en die dood."

Die gehoor se aandag is gespits. Dawid is dan so 'n pure man, en hoekom gee hy pad. Saul mag die gesalfde van die Here wees, maar hy is nie hulle man, hulle is vir Dawid, wat vir Goliat met die slingervel doodgegooi het.

Hulle verdwaal met hulle gedagtes, en een of twee slaap positief. Die oefenaar merk dit, en slaan hulle met die Woord. Hy vertel hulle hoe elkeen in gevaar is, ja dit gaan maar naelskraap vir meer as een. A, nou verstaan hulle, ,,naelskraap". En nou luister hulle. Hier en daar knik of kreun een instemmend.

Die rede word afgesluit, en almal sê ,,Amen!" Vooraf is versoek, nou moet Psalm 100 gesing word, en ook Psalm 118 : 1. Dit is dan ook gedoen, en dit het geskied uit volle bors. Baie gepas. Ons glo vas ou Doempies is juigend deur die poorte.

Die stoet vorm. Dis baie geselserig. Die nasie is maar so. Die wyn wat die een vaak maak, maak die ander een lewendig. Maar almal bedoel dit opreg met die hulp. Dit gee raad hoe om te vat en dit beduie hoelangs om te loop, tussen die baie klippe en ashope.

Die gebied vir die Kleurlinge, insluitende die kerkhof, moet nog geproklameer word. Met die wegry van die as en rommel deur die jare, is sommer 'n wal gegooi deur die slootjie, om verspoeling te stuit, en nou praat die mense van die ,,asdam". Ondertoe, net weg van die sloot lê die kerkhof. In reëntyd is dit ene sugslooitjies daarlangs. Selfs die grafte is soms deurweek. On-net en ongesond. Mens moet jou pad soek deur die slooitjies en die modderplekke. En dan vleg dit tussen die graftes deur.

Die skare is nou stil. Eerbiedig word die kis neergelaat en reggestel. Verroeste sinkplate en blikke op die kis. Dan vaal leiklippe. Verder word dit maar rofweg ingevul. 'n Laaste Skrifwoord en 'n gebed deur die predikant. Dan vertrek die blankes en die vroue sing Sionsliedere. Na alles verby is, die graf behoorlik toegemaak, keer die skare in groepies terug, en nog 'n nederige hoop in die kerkhof dui die laaste rusplek aan van ou Doempies.

J.v.R.




STAAL DEUG
VIR
ELKE BOUTAAK

*. . . in die hand van die* ***deskundige!***





- ▶ Grootpawiljoen, Ladysmith, Natal — staalwerk deur B & G.
- ▶ Die nuwe Geref. Kerk, Lyttleton, Pretoria—staalwerk deur B & G.
- ▶ Toring vir die V.E.T.S.A.K.-pawiljoen, Randse Skou — staalwerk deur B & G.





**BAKKER & GRIFFIOEN (Edms.) Bpk.**

Ontwerpers, Vervaardigers en Oprigters van Staalkonstruksies.

Posbus 17, Industria, JOHANNESBURG.
Tel. 35-5538/9 Telegramme: 'BAKGRIF'

BG 8125

SENDINGTYDSKRIF UITGEGEE DEUR DIE SINODALE SENDING-DEPUTATE VAN DIE GEREFORMEERDE KERK

JAARGANG 6 — NR. 2
NOVEMBER 1962

SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS
REFERENCE LIBRARY



# DIE OES

# DIE OES

Jaargang 6 — Nommer 2
NOVEMBER 1962

Uitgegee deur die Sinodale Sendingdeputate van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

---

*Redaksie:*
Prof. H. du Plessis (Hoofredakteur), mnr. H. B. van der Walt (sekr.), prof. A. Postma.

*Administrasie:*
Ds. D. C. S. van der Merwe (voors.), prof. H. du Plessis en mnr. H. B. van der Walt (sekr.).

*Alle artikels en foto's moet gestuur word aan:*
Posbus 2031, Noordbrug.

*Alle intekengeld, advertensie-navrae en adres-veranderings moet gestuur word aan:*
Die Adm. DIE OES,
Posbus 2031, Pk. Noordbrug,
Potchefstroom.

Intekengeld 50c per jaar, vooruitbetaalbaar.

Die blad verskyn sesmaal per jaar.

---

## Kategismus in Setswana

Aan kerkrade wat reeds daarvoor gevra het sowel as dié wat daarin mag belang stel word meegedeel dat die Kategismus in Setswana nou te koop is. (Vertaling van „Rooiboekie"). Die prys is 10c posvry en moet bestel word by:
Sendinglektuur, Posbus 2008,
Noordbrug, Potchefstroom.

H. B. van der Walt,
Skriba Sendinglektuur.

# SENDING EN DIE AMP VAN DIE GELOWIGE

Het die individuele gelowige ook 'n taak in die sendingwerk van die kerk? Indien wel, wat is die taak? In die groeiende sendingbedrywigheid van ons kerk word hierdie vraag steeds belangriker. Ons sal probeer om daarop 'n antwoord te gee.

Christus het sy sendingbevel aan sy kerk gegee (Matth. 28 : 19). Die kerk is in wese 'n onsigbare werklikheid maar kom tot openbaring in die amp van die gelowiges en in die besondere ampte in die vergadering van die gelowiges. In die sendingbevel heet dit :,,maak dissipels . . . en doop hulle". Dit is die taak van die besondere ampte. Prediking en doopsbediening, dus ook die sending, mag nooit uit die hande van die besondere ampte geneem word nie.

## INDIVIDUELE AKSIE:

Dit beteken egter nie dat die gelowiges wat geen ampsdraers is nie, geen sendingtaak het nie. Om Christen te wees beteken onder meer om profeet te wees wat Christus se naam bely (Heidelbergse Kategismus, XII, 32). Dit doen 'n mens in jou kerkbesoek en huisgodsdiens, in jou persoonlike omgang met medegelowiges en met ongelowiges.
Wanneer jy teenoor 'n ongelowige Christus bely, is jy besig met ,,sending" in 'n heel besondere sin van die woord. Baie jare lank was dit feitlik die enigste vorm van sending wat ons vadere gedoen het. Saans is die volkies onderrig in die leer van die godsaligheid, en in die persoonlike omgang het baas en noi 'n Christelike stempel op hul bediendes afgedruk. Tot doop en kerkstigting onder die bruinmense kon dit weliswaar meestal nie kom nie. Trouens, die blankes het self so ver uitmekaar gewoon en die landsomstandighede was so rou dat kerkstigting onder die blankes self dikwels maar moeilik gegaan het. Nietemin het die blankes hul profetiese roeping sover moontlik teenoor die heidene geken en uitgevoer.

Hierdie christelike getuienis van elke individuele gelowige in woord en daad teenoor die heidene en halfheidene wat ons omring, in ons kombuise werk en in ons agterplase en naby ons plaaswerwe woon, mag ook vandag by ons nie ontbreek nie. En omdat dit die taak van die besondere ampte is om die heiliges vir hul dienswerk toe te rus (Ef. 4 : 12), moet die ampsdraers voortdurend in prediking en huisbesoek ons lidmate vir die beoefening van hierdie persoonlike profetiese getuienis opskerp.

## GESAMENTLIKE AKSIE


Behalwe hierdie individuele aksie van die lidmate moet die kerkrade ook in hul georganiseerde amptelike aksie soveel moontlik gebruik maak van lidmate wat nie in die besondere ampte staan nie. Die lidmate moet so hulpdienste verrig in aansluiting by, in opdrag van en onder leiding van die besondere ampte. Die moontlikhede hier is talryk. Benoeming van lidmate saam met ampsdraers op die sendingkommissie van die kerkraad; benoeming van susters op 'n komitee wat vir die nie-blanke vroue in 'n werkklas leer om as Christenvroue hulself en hul huise met christelike ordentlikheid en sindelikheid te klee, te voed en op te voed; benoeming van hulpkragte in die godsalige onderrig van die heidenjeug — veral die jongmense verleen hier graag hulp. Watter pragtige diens gee talle blanke broeders en susters nie by die oprigting van 'n sendingkerk nie! Sommige boere rig self sendingkerke op hul plase op. So kan uit 'n gemeente 'n groot aantal lidmate geaktiveer word om op verskillende fronte gesamentlik op te tree as hulpkragte by die besondere ampte en so hul profetiese roeping te volbring. Dikwels werk dit aansteeklik sodat talle lidmate naderhand by die kerkraad kom aanklop en vra: wat kan ons doen? Skakel ons asseblief êrens in. Netnou is 'n groot deel van die gemeente geaktiveer om as 'n leërmag onder aanvoering van die kerkraad tot die aanval oor te gaan. (En die lidmate wat nie so geaktiveer kan word nie, dra nietemin hul deel by deur die stoflike offers wat hulle gee.) Vereiste is natuurlik dat die kerkraad in die gesamentlike aksie altyd die leisels bly hou.

## DIE TYD IS KORT

Die lande is wit vir die oes en die arbeiders min. Laat ons alle kragte wat gebruik kan word, ten volle benut voordat die dag van die wederkoms hier is. Die tyd is miskien korter as ons dink.

P.W.B.





# Bybels vir Bantoe-skoolkinders

(Deur Ds. G. E. Bruwer, Organiserende Sekretaris,
**BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA**).

Dis nou moontlik vir 'n Bantoe-skolier om 'n Bybel in sy eie taal te koop teen so min as 15c. HOE? WAAR? Dit kan alleen gedoen word deur die prinsipaal van die skool. Hy kan Bybels bestel van die depot van die Departement van Bantoe-onderwys in Pretoria, van dieselfde plek waar hy die ander skoolboeke bestel. Die Bybelgenootskap verskaf die Bybels aan die Departement wat dit dan aan die prinsipaal besorg en hy verkoop dit **alleen aan skoolkinders van St. II en hoër** teen 15c elk.

Hier is nou 'n gulde geleentheid om die Woord van God aan die skoolkinders te verskaf, maar party prinsipale is baie traag. Die Departement kla dat daar verlede jaar net 33,263 Bybels soos volg bestel is: Xhosa 6573, Zoeloe 11081, Sepedi 4842, Sotho 3507, Tswana 5632, Tsonga 1071 en Venda 977. Die Bybelgenootskap en die Departement was gewillig om 66,000 Bybels beskikbaar te stel, maar die skole het nie almal saamgewerk nie. Daar word dus deur die Bybelgenootskap 'n beroep gedoen op alle prinsipale en sendelinge om aan hierdie aanbod aandag te gee. Laat ons toesien dat veral die kinders wat op die punt staan om die skool te verlaat, 'n Bybel in sy hand het om soos die Lamp van God na sy huis te bring.

# LEKTUUR IN
# *Sendingdiens*

In 'n artikel in Die Kerkbode waarin ds. H. J. Vorster verslag doen i.v.m. fondsinsameling vir die Christelike Lektuurfonds doen hy o.a. die volgende interessante mededelings. Ds. Vorster sê onder die hoof: „Wye Slaankrag van die Geskrewe Woord" die volgende:

„Statistiese opnames in verband met die leesgewoontes van die blanke en die nie-blanke toon dat elke tydskrif wat deur 'n blanke gekoop word, gemiddeld deur drie ander persone gelees word. By die nie-blanke word 'n tydskrif, deur een gekoop, egter deur nie minder as agt ander gelees nie.

Vir die sendeling, in sy persoonlike hoedanigheid gaan die deure al meer toe. Soms word die persoon verwerp nog voor hy sy saak kan stel, omdat hy tot 'n bepaalde instituut behoort.

Met leesstof is die saak anders. Dit word eers gelees voordat dit verwerp word. Daarmee is die doel bereik om die inhoud daarvan onder die leser se aandag te bring. En dit tref so dat wanneer die leser met die inhoud daarvan verskil, die stof nog eens gelees word. Leesstof spreek nie net een maal nie, maar telkemale weer.

Op hierdie wyse word die evangelie bekend gestel aan die leser met inagneming van agtergrond, volksaard, gewoontes, voorliefde en bevatlikheid. Die Kommunis en die Mohammedaan pas hierdie psigologiese metode met groot vrug toe; daarom is dit eintlik vreemd dat die Christen nie lankal die vrug van hierdie metode van evangelisering ingesien het nie. Waarlik, in sekere opsigte is die kinders van die wêreld verstandiger as die kinders van die lig.

**Wat word bereik met R2 elke maand?**

Daarvoor word 80 evangeliese brosjures of traktaatjies elke maand aangekoop.

Waar 8 persone nou insae hierin het, beteken dit dat 640 persone maandeliks hiermee bereik word. Oor 'n tydperk van vyf jaar word die verbysterende getal van 38,400 persone bereik slegs deur een nootjie van R2 p.m. vir daardie tydperk te stort.



Die bevolking van die wêreld neem jaarliks toe teen 'n tempo van tussen 44 en 50 miljoen. Deur persoonlike bearbeiding deur sendelinge word hiervan slegs 3 miljoen per jaar bereik. Teen hierdie tempo sak die Christendom, wat tans 33 persent van die wêreldbevolking uitmaak, sodanig uit dat in die jaar 2000 n.C. slegs nog 22 persent van die wêreldbevolking tot die Christendom sal behoort.

Daar is vandag in die wêreld 7,000 sendelinge minder as 50 jaar gelede. Terwyl die bevolking toeneem, het die mannekrag afgeneem en neem dit nog steeds af. Daarom sal nuwe metodes gevind moet word, en sonder twyfel moet dit gesoek word langs die weg van die geskrewe woord wat op massale wyse versprei moet word, in samewerking met tegniese hulpmiddels soos die radio."

Die woorde van ds. Vorster stem seker elkeen van ons tot ernstige nadenke.

H. B. van der Walt.

# IS ONS AGTER ONS TYD?

**'n Wêreldbeskawing**

Die nuwe tyd waarin ons nou lewe word veral gekenmerk deur 'n ongekende hoë vlug van tegnologiese en wetenskaplike ontwikkeling wat in steeds vinniger tempo en tot steeds nuwe hoogtes voortgaan. Hierdie eensydige ontwikkeling, wat enersyds diep ontwrigtend op die menslike samelewing inwerk, open andersyds nuwe perspektiewe van materiële vooruitgang wat die stoutste drome van die verlede in die skadu stel. Die ontstellende in hierdie ontwikkelingsgang is benewens die desintegrerende uitwerking dat as hoofdoel in die lewe sekulêre vooruitgang, en nie geestelike bekering en verheffing, gestel word. In die kommunisme het hierdie strewe selfs 'n ideologie geword wat beslag lê op die hele lewensuitkyk en uitinge — 'n wêreld-welvaartstaat word in die vooruitsig gestel waarin alle mense in die rykdomme van die nuwe wêreld moet deel. Armoede en bygeloof moet uitgeroei word en godsdiens, wat as 'n remmende faktor beskou word, moet uitgeban word.

Hierdie sekularistiese vooruitgangsdrang werk oral aansteeklik deur en bring ook die nie-blanke volke van die verre Ooste tot diep in die oerwoude van Afrika binne die invloedsfeer daarvan. Dit het die gees van die tyd geword, dit is 'n wêreldgees wat soos 'n wêreldorkaan oor die kontinente van die wêreld voortja om alles daarin op te neem. Daar ontstaan 'n nuwe beskawing, dit is 'n wêreldbeskawing waarin alle volke wil deel.

**Dit is 'n unieke gebeurtenis in die wêreldgeskiedenis. 'n Kopernikaanse wending van wêreldbetekenis het ingetree.** Die Weste is nou nie meer die eintlike wêreld nie, en alle godsdienstig en histories georiënteerde bloot Westerse wêreldsentriese beskouinge is iets van die verlede.

**Ook die nie-blanke volke wil deel in die wêreldbeskawing**

Vir die nie-Westerse wêreld kom dit neer op revolusionêre omvorminge wat die hele lewe en lewens-uitkyk raak. Ons skets kortliks die verloop van die proses soos dit op hulle betrekking het. Eers was daar by die meer konservatiewe en oortuigde

heidene die vrees dat deur die aanname van die Westerse beskawing hulle eie godsdiens en kultuur ondermyn sou word, veral omdat volgens die heidense en ook die destydse Christelike siening beskawing en godsdiens met mekaar vereenselwig is. Godsdiens en kultuur vorm 'n onverbreeklike eenheid. So was dit in die heidense samelewing en so is ook die Christendom en die Westerse beskawing as 'n eenheid gesien. Met die oorname van die een moet ook gepaard gaan dié van die andereen. Daarom was die motief om Christene te word vir baie heidene die aantrekkingskrag van die ontwikkelde beskawing van die blankes.

Dwarsdeur die geskiedenis van die Christelike kerk was daar hierdie tendens. So was dit ook in die middeleeue: die ou Germaanse kulture kon nie standhou teenoor die meer beskaafde en hoër Christelike kultuur nie met die gevolg dat ons eie voorvaders in 'n groot mate vanweë die aantrekkingskrag van hierdie nuwe beskawing Christene geword het. Hulle het dit as vanselfsprekend aanvaar dat met die verandering van die kultuur ook verandering in godsdiens moet saamval.

**In hierdie eeuelange gedragslyn het daar egter nou 'n radikale wending van wêreldbetekenis ingelui. Hiermee is die begin van 'n wêreldgeskiedenis en beskawing ingelui.** Dit kom daarop neer dat die uitwendige meer sekulêre elemente van die Westerse beskawing nou sonder die Christendom oorgeneem word. Die vrugte van die Christelike boom word gepluk maar die boom self word nie oorgeplant nie.

**Hierdie nuwe beskouing en optrede is en word in die hand gewerk deur die onchristelike voorbeeld van die meeste blankes waardeur die heidene tot die oortuiging geraak dat 'n nie-blanke verwesters kan word sonder om juis 'n Christen te word.**

In die tweede plek word die Westerse beskawing, wat self onchristelik geword het, nie meer as 'n ondermynende faktor van die nie-christelike godsdiens en kultuur gevrees nie. Hierdie beskawing of elemente daarvan, wat op hierdie wyse los geslaan is van die Christelike anker, word nie meer gesien as 'n bloot Westerse beskawing nie maar as 'n wêreldbeskawing waarin alle volke eweveel reg op het en kan deel. Daarbenewens is daar veral wat die Ooste betref die groeiende oortuiging dat daar in godsdienstige en sedelike opsigte hoër waardes in die Oosterse godsdienste en kulture is as wat aan hulle in die algemene lewenspatroon van die Weste en die Westerling geopenbaar word.

Hierdie wêreldbeskawing is die sekulêre uitdrukking en materiële produkte van die Westerse kultuur soos dit gesien word in die tegnologiese en wetenskaplike ontwikkelinge van die nuutste tyd. Dit is die wêreldbeskawing van motors, draadlose, vliegmasjienes, fabrieke, kernkrag, stede, ens.; dit is die ideale van welvaart, vooruitgang en welsyn vir alle volke en alle mense. Dit is die beskawing van die wêreldbevolking waarvan alle mense gelykwaardig is en eweveel reg het op die gemeenskaplike rykdomme van die een wêreld. Die geestelike rykdomme van die Christendom word versmaai of nie raakgesien nie, en die **Westerse beskawing asook die Westerse godsdiens word bestempel as 'n beskawing van seks, oorlog en**

**tegniek waarvan die eerste twee nie as navolgenswaardige voorbeelde aangeprys word nie en alleen die laaste begeer word.**

Dit word nou nageja sonder enige vrees dat dit enige ondermynende uitwerking op die heidense godsdienste kan hê. 'n Indiër kan 'n goeie patriot en Hindoe bly hoewel hy, wat die uitwendige betref, origens nie veel van 'n blanke verskil nie. Duisende gaan nou vanaf Asië en Afrika na Europa en Amerika om daar in verskillende rigtings verder te studeer of om op hoogte kom met die nuutste industriële, wetenskaplike en kommersiële ontwikkelinge en aangeleenthede. Hulle doen dit met die welbewuste doel om die verworwe kennis in hulle eie vaderlande toe te pas.

**'n Historiese wending van wêreldbetekenis.**

'n Tweede baie belangrike en epogmakende verandering is dat die heidense volke ook nou begin om 'n doel in die lewe te stel. **Dit kom neer op 'n deurbraak van die eeuelange volgehoue heidense denkwyse dat die sosiale en natuurorde van die begin af vir altyd onveranderlik vasgelê is en dat die natuur en geskiedenis steeds in dieselfde kringloop van dieselfde gebeurtenisse en gebeure verloop.** In soverre daar van 'n doel gespreek kan word het dit daarop neergekom dat die bestaande, die **status quo,** gehandhaaf en steeds verwesenlik moet word.

**Die radikale verandering is nou dat daar by die heidendom 'n teologiese (doelgerigte) lewensbeskouing ontstaan sonder dat die heidendom wesenlik verander word.** Dit moet toegeskryf word aan die uitwerking van die Westerse beskawing en ook indirek aan dié van die Christendom. Die heidendom word hier in sy kardinale denkwyse en rigting aangetas en dit bly nog heidens. Dit is die gans nuwe wat ons nou kry, want vroeër is in so 'n geval die betrokke volk ook gekersten en het die christelike suurdeeg die heidense gees omgevorm in 'n christelike rigting.

Dit bly wesenlik heidens, omdat die doeleindes en ideale, wat as vrugte van die Christendom nagestrewe word, alleen maar die sekularistiese elemente daarvan is, wat hoewel hulle as sodanig nie te veroordeel is nie en ook vir die Christen selfs pligmatig is, sonder 'n christelike inhoud en gees onchristelik is.

As doeleindes word nou gestel materiële vooruitgang, tegniese en wetenskaplike ontwikkeling en nasionale onafhanklikheid, en 'n toekoms van voorspoed, welvaart en welsyn word in die vooruitsig gestel en daar word gevra na die sin en doel van die lewe. Hoewel hierdie veranderde sienswyse en houding nog nie oral deurgedring het nie is dit byna algemeen in die Ooste en syfer dit deur tot by ons eie Bantoes in Suid-Afrika, en dit kan aangeneem word dat dit die onvermydelike en onafwendbare ontwikkelingstendens van die toekoms gaan wees.

**As ons nie hiermee rekening hou nie is ons uit pas met die tyd en raak ons agter ons tyd. Dit sou 'n fatale misrekening wees wat ons baie duur te staan sal kom en ons hele optrede en program skeef sal laat loop as ons die groeiende ontwaking by die Bantoe alleen maar wil toeskryf aan kommunistiese propaganda.**

**Dit is in die eerste plek die gevolg van die voorbeeld van die onstuimige Weste, van die stimulus wat van hierdie beskawing uitgaan. Dit is die vrug van die onbedwingbare vooruitstrewe en doelgerigte vooruitgang van die Westerse beskawing. Dit is die werk van ons eie hande, die ontkieming van die saad wat ons self in hierdie grond gelê het.**

Hierdie kiem wil ontkiem en uitgroei tot die volheid van die boom. Dit is nie net die stamlewe wat in hierdie nuwe wêreldstroom ingetrek word nie, die blik is nou gerig op die vorming van nasies uit verskillende stamme en selfs van kontinentale eenhede en saamgroeperinge.

**'n Wêreldgeskiedenis**

In die een groot wêreld moet hierdie nuwe eenhede as onderdele van die een wêreld deel in die een wêreldbeskawing. Die wêreld as 'n eenheid, as een grootheid kom nou in die gesigsveld. Die doel is nou gerig op die een wêreld met die een wêreldbeskawing. Dit laat 'n historiese besef gebore word sodat gevra word na die begin en voleinding van die wêreldgeskiedenis, waarin ook hierdie grotere en kleinere eenhede as dele van die wêreld betrokke is. In hierdie verband kom die invloed van die Christendom ook daarin aan die lig dat die begin gereken word vanaf die begin van die Christelike jaartelling.

**Wêreld-sendinggodsdiens**

Die besonder eienaardige en tragiese van hierdie hele nuwe situasie is egter dat die **Christelike beskawing, wat as 't ware die moeder van hierdie nuwe ontwaking is, met die geboorte van hierdie kind self gesterf het,** sodat daar vandag nie meer gespreek kan word van 'n Christelike beskawing en die Christendom vir die meeste blankes 'n dooie oorblyfsel van 'n historiese verlede geword het.

In teenstelling hiermee is daar by die heidense godsdienste soos die Boeddhisme, Hindoeïsme en die Islam 'n herlewing te bespeur. Hierdie godsdienste het aan die begin van hierdie eeu geen noemenswaardige lewenskrag geopenbaar nie en dit is aangeneem dat hulle onder die aanslae van die Christendom en die oral deurdringende Westerse beskawing in duie sou stort, maar hierin is die Weste wreed ontnugter. **Daar word nou kragtige pogings in die werk gestel om dié godsdienste nuwe lewe in te blaas** en dit word veronderstel dat, waar die uitwendighede van die Westerse beskawing die wêreldbeskawing vir alle volke is, dit in die heidense lewe ingepas kan word sonder enige revolusionêre uitwerking op die heidense godsdienste. Dit kan betwyfel word of hierdie veronderstelling korrek is maar dat dit veronderstel word en dat daar nuwe lewenskrag in die godsdienste geopenbaar word, is van besondere historiese betekenis.

Die opsienbaarste en mees onverwagte en wat diep vernederend vir die Christendom is en ook as 'n uitdaging aan die Christendom beskou kan word, is dat hierdie godsdienste nou wêreldgodsdienste wil wees of (soos die Islam) by vernuwing en met vernieude kragsontplooiing dit wil wees. Omdat volgens baie heidene die Christendom gefaal het en nie as wêreldgodsdiens deug nie en dit aangeneem

(Vervolg op bladsy 12)

# NUUSFLITSE

**Vanderbylpark:** 'n Sendingaand is onlangs op Vanderbylpark gehou. Prof. H. du Plessis het as spreker opgetree. Sy tema was: Die uitdaging van die nuwe tyd aan die Christendom. By die geleentheid is ook sendingflims vertoon.

**Meadowlands:** 'n Nuwe kerk is in Meadowlands afgestig van Dube. Daar word ook 'n kerk afgestig van Moroka met die naam Jabavu.

**Vryburg:** In Vryburg Klassis is nog 'n nuwe kerk gestig. Daar is nou sewe nieblanke kerke in die ressort van hierdie klassis.

**Lichtenburg en Ventersdorp:** Die twee kerke is besig om elk 'n nuwe kerkgebou op te rig.

---

(Vervolg van bladsy 11)

word dat daar hoër waardes in hierdie heidense godsdienste en sedelike lewenspatroon is en terwyl die wêreld nou gesien word as 'n eenheid met een wêreldbeskawing en geskiedenis, word hierdie godsdienste nou gepropageer en aangebied as wêreldgodsdienste. Alleen met hierdie godsdienste sou daar 'n toekoms van vreedsame internasionale en rasseverhoudinge en 'n gelukkige lewe vir alle volke moontlik wees.

Dit dan is die uitdaging aan die Christendom. Voor ons die vraag beantwoord of ons agter ons tyd is moet eers ingegaan word op wat hierdie uitdaging inhou. Dit wil ons in die volgende uitgawe doen.

H.d.P.

**Natal:** Klassis Piet Retief het besluit om Natal in hul sendingwerk daadwerklik te steun deur 'n groot deel van sy sendingfonds aan hulle oor te betaal.

**Kwa Mashu:** 'n Tweede kerk is onlangs hier gestig en 'n nuwe kerksaal in gebruik geneem.

**Potchefstroom:** Volgens 'n verslag van Klassis Potchefstroom word op 19 plekke in sy ressort sendingwerk gedoen.

**Beroepe:** Ds. P. M. Nkosi is na Dobsonville en Moroka beroep.

---

## PUBLIKASIES

**Belydenisskrifte en Formuliere:** 'n Vertaling van die Belydenisskrifte en Formuliere in Sotho is nou voltooi. Dit word eers in afgerolde vorm aan 'n aantal nieblanke predikante gegee om dit na te gaan.

Die voorneme van die Sendinglektuurkommissie is om dit te laat druk sodra dit behoorlik nagegaan is.

**Preekbundels:** Die preekbundel in Zoeloe is reeds in druk. Die bundel in Sotho sal waarskynlik vroeg aanstaande jaar verskyn.

Ds. D. C. S. van der Merwe het 'n aanvang gemaak met die skryf van kategismuspreke in Tswana.

Wanneer hierdie publikasies gereed is sal dit nie alleen die hou van ,,leesdienste'' vir ouderlinge en helpers aansienlik

(Vervolg op bladsy 13)

# Bevolkingsaanwas, Ondervoeding en Geboortebeperking

deur prof. dr. J. P. van der Walt

In sommige wêrelddele skep die aanwas van bevolking ernstige vraagstukke. Oor die onderhawige probleem met sy verskillende aspekte is baie teorieë besin, enersyds m.b.t. 'n diagnose van die aard, omvang, doel en metodes en andersyds om 'n moontlike terapie vir die beheersing al dan die **oorheersing** van die vraagstuk in die praktyk te kan vind.

Vir die bespreking van so 'n vraagstuk dien 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing as vertrekpunt vir die siening en toepassing van die beginsels in die praktyk.

Malthus het reeds in 1878 op die kernprobleem en samehangende aspekte in sy teorie gewys. Vanaf die industriële omwenteling in die weste, die opkoms van kapitalisme en industrialisme en alles wat daarmee saamhang is nie net in beweging gebring nie, maar ook wetenskaplike ontwikkeling en tegniese uitvindinge, asook die mediese wetenskap met sy tegnieke het stukrag verleen in die welvaartstrewe van die mensheid.

Dit het veral die westerse samelewing ten goede gekom, terwyl die ooste staties en tot in die jongste tyd met 'n uiters groot bevolkingsaanwas onderontwikkeld gebly het. Enersyds was die implikasie dat landbouproduktiwiteit en voedselvoorsiening die volksgesondheid positief gestimuleer het, en andersyds het die beskawingspeil en die implimentering van tegniek primitief gebly waar ondervoeding op grootskaalse wyse bly voortbestaan het resp.

---

(Vervolg van bladsy 12)

vergemaklik nie maar ook die nodigheid uitskakel dat hulle self ,,preke" maak waaroor daar geen kontrole is nie.

**Sendingkalender:** Die 1963 Sendingkalender het so pas verskyn en te oordeel na die bestellings wat instroom geniet hierdie publikasie net so 'n goeie ontvangs as sy voorgangers.

**Sending-Almanak:** Die 1963 uitgawe van die Almanak van die Gereformeerde Kerk onder nie-blankes het ook verskyn.

Die Almanak het van 24 na 32 bladsye uitgegroei. Die bestellings hiervoor is vanjaar beter dan die vorige jaar maar is seker nog nie waar dit moet wees nie. Miskien geld hier ook: ,,Onbekend is onbemind".

**Sendingkalender:** Die 1963 Sendingkalensal voortaan verdeel word: Een in Suid- en Noord-Sotho en Tswana en een in Zoeloe en Xhosa.

Murumiwa wat tot dusver nog Venda en Tsonga bevat het sal ook verdeel word sodat daar nou een net in Venda verskyn en 'n kleiner een in Tsonga.

H. B. van der Walt.

Wat die interpretasie en uitlewing van die lewenswaardes in die antitese tussen die weste en die ooste betref, hang dit saam met Protestantisme vs. Heidendom.

Nou is dit op grond van die Christelike, die transendente standpunt, 'n onomstootlike, aksiomaties - aanvaarde prinsiep en feit wat in die geestestruktuur van die mens deur Gods skepperswysheid so gewil is, dat geloof en godsdiens die hoogste in rangorde van lewenswaardes saamhang met die religieuse aard en ewigheidsbestemming van die mens, en dat sy tydelike bestemming op aarde in een lyn met die vorige val. Daarom kulmineer nie net alle funksies: die taak en roeping van die mens, in die geloofsaspek as 'n heenwys en heenlei na **Bo** nie, maar ook die gesonde balans tussen liggaam en siel as 'n twee-eenheid word bewaar. Meer nog, dat alle lewensfunksies van die mens deur die aktstruktuur as kenmerk van die menslike liggaam sy vorm as uitdrukkingsveld in die menslike gees aanneem en tot openbaring kom.

Op hierdie wyse **beheers** die gelowige nie net sy inhibisies, geslags- en seksuele drange op gesonde wyse deur onthouding nie, maar hy bely dit in die praktyk. Nou word nie net die laere drange by die mens gesublimeer nie, maar ook en veral die bevolkingsaanwas word gesond gerem en in ewewig gehou as diensbaarmaking aan die verskeidenheid van roepings wat God die mens opgelê het.

Maar ook die weste verdien 'n teregwysing. Die credo van gelykskakeling van alle mense vir die opkomende eenwordende wêreldgemeenskap, waarmee die uitwissing van alle grense beoog word, moet uitmond in 'n lugleë ruim van nihilisme, skepsis en sinisme. Die gevare van die sg. ,,geluk'' vir die mensheid in 'n gewaande utopie is gelaai met kulturele determinisme waarin die ekonomiese oorbeklemtoon word: die gevaarlikste dinamiet vir enige samelewing. Die vrug hiervan beteken in die praktyk die onderstreping van o.a. die seksuele en die dierlike luste by 'n ontredderde mensheid — die prikkeling tot losbandigheid op seksuele gebied en ongesonde bevolkingsaanwas.

Om nou die jeug te wil indoktrineer met die tragiese heidense kultuurresep van geboortebeperking, is om die weg verder vir Satan voor te berei in 'n sondige eenwordende wêreld. Nòg die vraagstuk van oormatige bevolkingsaanwas, nòg ondervoeding, nòg die ,,gespeel met lewe en dood'' deur geboortebeperking, nòg die heidense kultusse kan op die ingeslane weg die oplossing bied. Die straf vir die sonde is die dood. By die scientisme in die natuurwetenskappe word die mensheid van buite bedreig met 'n skielike ondergang deur bv. kernbomme, terwyl by die scientisme in die geesteswetenskappe werk die aftakeling en vervlakking van die hoëre geestelike lewenswaardes van binne soos 'n verterende vuur en suur.

Die oplossing lê by die mens self. God eis dat die religieuse o.a. die kultuur en die beskawing op alle lewensterreine en aspekte op positiewe wyse moet bevrug. Geloof, diens en liefde tot God en die naaste bring die ommekeer in menseharte — die oplossing, want die Woord van God streef geestelike wêreldheerskappy na — dus op alle terreine en aspekte van die lewe van die mensheid op die aarde. Met hierdie lewenshouding is dit moontlik om die ewewig orals te bewaar in die beheersende en verantwoordelike roeping in alle situasies, orals en altyd op aarde.

# TWEE BANTOE-SEKRETARISSE

(Deur ds. G. E. Bruwer, Organiserende Sekretaris, Bybelgenootskap van Suid-Afrika)

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (voorheen bekend as die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap) is 'n genootskap wat nie beperk is tot een kerk, of een volk of een taal nie. Nee, die Bybelgenootskap dien die hele wêreld en word genoem die diensmeisie van al die Protestants-Christelike kerke en kerkgenootskappe. Dis feitlik net die Rooms-Katolieke Kerk wat nie saamwerk nie. Die Bybelgenootskap doen reeds van die begin af 'n groot werk vir die Bantoe-kerke in die Republiek in dié sin dat dit die Bybel in die sewe erkende Bantoetale beskikbaar stel. Die Bybelgenootskap besit die alleenreg om die Bybel in die Bantoetale te laat druk. Dis 'n groot beskerming vir die Bantoe-kerke anders kan enige drukker en uitgewer die Bybel maar druk en teen 'n groot profyt aan die Bantoes verkoop. Die Bybelgenootskap se grondwet sê egter dat ons die Bybel aan elke mens wil gee in sy moedertaal en **teen 'n prys binne almal se bereik.** Wanneer 'n lidmaat dus 'n Bybel teen 65c koop, moet hy nie dink dis die volle prys van daardie groot Boek nie. Die Bybelgenootskap verkoop die Bybel feitlik teen halfprys.

Maar die Bybelgenootskap sien ook graag dat die Bybel so goed as moontlik versprei word. Hiervoor het ons die medewerking nodig van leraars, evangeliste, onderwysers en lidmate. Om die werk te organiseer onder die Bantoes het die Bybelgenootskap nou ook twee Bantoe-sekretarisse aangestel.

Verlede jaar reeds het eerw. P. M. Mpumlwana diens aanvaar in die Durbanse Bybelhuis. Hy is 'n leraar van die Anglikaanse Kerk (orde van Etiopië) met jare van ondervinding. In die eerste jaar het hy reeds meer as 50 gemeentes van verskillende kerkgenootskappe besoek, konferensies, sinodes en skole toegespreek en hulpverenigings gestig te Port Elizabeth, Cathcart, Durban, Oos-Londen en Umtata. Met die oog op die groot verwikkelinge op staatkundige gebied in die Transkei, sal hy mettertyd op Umtata gestasioneer word om sodoende die Xhosa-sprekendes beter te kan dien.

Vanjaar is 'n tweede aanstelling gemaak, naamlik, mnr. S. Mohono, wat tot onlangs organiseerder was van die National Sunday School Union op die Rand, 'n bekende persoonlikheid van die Bantoe-radiodiens. Hy sal aan die Johannesburgse Bybelhuis verbonde wees en sy aandag gee aan die Sotho-sprekendes.

Die Bybelgenootskap sal dit waardeer indien sendelinge en onderwysers kennis neem van hierdie twee aanstellings. Soos te begryp is hulle besig om hulle pad te voel en daarom sal wenke en voorbidding baie welkom wees. Weer moet daarop gewys word dat hulle nie beperk is tot een kerkgenootskap nie en graag van diens wil wees onder hulle volksgenote.

Die Bybelgenootskap hoop dat met hierdie twee aanstellings ook die Bantoedeel van ons bevolking meer vertroud sal raak met die werksaamhede, die doelstelling en die behoefte van die Bybelgenootskap en almeer sal insien dat hulle ook op daadwerklike wyse moet saamwerk om die Woord van God vir hulle volksgenote beskikbaar te stel.



# STAAL DEUG VIR ELKE BOUTAAK

*. . . in die hand van die **deskundige!***



- **Grootpawiljoen, Ladysmith, Natal — staalwerk deur B & G.**
- **Die nuwe Geref. Kerk, Lyttleton, Pretoria—staalwerk deur B & G.**
- **Toring vir die V.E.T.S.A.K.-pawiljoen, Randse Skou — staalwerk deur B & G.**



**BAKKER & GRIFFIOEN (Edms.) Bpk.**

Ontwerpers, Vervaardigers en Oprigters van Staalkonstruksies.

Posbus 17, Industria, JOHANNESBURG.

Tel. 35-5538/9 Telegramme: 'BAKGRIF'

BG 8125



Gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Beperk, Oliënlaan 11, Posbus 156. POTCHEFSTROOM.

**Collection Number: AD2533**

**Collection Name: South African Institute of Race Relations, Collection of publications, 1932-1979**

***PUBLISHER:***

*Publisher:* **Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa**
*Location:* **Johannesburg**
**©2017**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

This collection forms part of the archive of the South African Institute of Race Relations (SAIRR), held at the Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.